ROEPING & RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING
VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

ISSN 1029-8754

Jaargang 66 Nr. 2

September 2018

Christelike geloof/lewensvisie bied antwoorde vanuit die Woord op die antitetiese revolusie in SA

So bely die VCHO sy:

Doel:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding,**
- **Christelike onderwys en**
- **Christelike wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." (2 Tim. 3:16 en 17).

Grondslag

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die HERE is die beginsel van die kennis; sotte verag wysheid en tug." (Spreuke 1:7)

"Aan My is gegee alle mag in die hemel en op die aarde. Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matteus 28:18-19).

Missie

Om deur die bevordering van Christelike opvoeding, onderwys en wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk – vgl. Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

Joh. 14:12-17

Die Heilige Gees sluit die skatte oop

Hiéraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee.
1 Joh. 4:13

Die geloof is die Gees se vernaamste werk. Daarom het so baie wat 'n mens oral van sy krag en werking lees, grootliks daarop betrekking. Want alleen deur die geloof lei Hy ons tot die lig van die evangelie. Hieroor sê Johannes die Doper: net aan diegene wat in Christus glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word – hulle wat nie uit vlees en bloed nie, maar uit God gebore is (Joh. 1:12, 13) … Hy praat van diegene wat andersyds in hul ongeloof sou gebly het. En daarmee stem Christus se antwoord aan Petrus ooreen (Matt. 16:16): "'n Mens het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar my Vader wat in die hemel is …"

Daarmee stem ook Paulus se woord ooreen dat die Efesiërs beseël is met die Gees wat belowe is (Efés. 1:13). Want Hy toon aan dat Hy 'n innerlike Leermeester is: deur sy werksaamheid dring die belofte van die saligheid deur tot in ons harte. Anders sou dié belofte slegs die lug of ons ore tref. Wanneer hy sê dat die Tessalonisense deur God verkies en gered is deurdat die Gees hulle vir Hom afgesonder het en deurdat hulle die waarheid glo, kom dit op dieselfde neer. Deur hierdie teksverband wys hy met min woorde daarop dat die geloof self van nêrens elders as van die Gees kom nie …

Omdat die dissipels nie die hemelse waarheid sou kon begryp nie, het Christus hulle die Gees van die waarheid beloof – dié Gees wat die wêreld nie kan ontvang nie (Joh. 14:17) … Die lig sou tevergeefs op die blindes val as die Gees van insig nie die oë van die verstand open nie. 'n Mens kan Hom dus tereg die sleutel noem waarmee die skatte van die hemelse koninkryk ontsluit word …

Ins. III, 1, 4

In hierdie uitgawe

Politieke revolusie en publieke geregtigheid	2
Revolusie in Suid-Afrika geprojekteer	5
Verstaan die begrip 'revolusie' vanuit die Woord	8
Transformasie van die samelewing	10
Revolusie en invloed op die jongmens	12
Teen die Revolusie die Evangelie	14
Semper Reformanda deel 2	21

Politieke revolusie en publieke geregtigheid

Prof Andries Raath

Historiese agtergrond

Die huidige regerende party (African National Congress (ANC)) se bande met revolusie strek terug tot 1928. Reeds in die loop van dié jaar is hegte bande tussen die ANC en die Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party (SAKP) gesmee en die SAKP het homself daartoe verbind om die ANC se aktiwiteite aktief te bevorder. Op sy beurt moes die ANC in 'n sogenaamde "revolusionêre organisasie" verander om die doelstellings van die SAKP na te leef. Sedertdien het die alliansie tussen hierdie twee organisasies al hoe hegter geword. Op die vooraand van die sogenaamde "nasionale bevryding" in 1994 is die Sowjet-vlag met hamer en sekel dikwels by ANC-byeenkomste vertoon. Die ineenvlegting van die politieke organisasie van die ANC en die SAKP is so heg dat deur laasgenoemde verklaar is: "There is no significant differences of policy or strategy between us."

Die SAKP se verwagting was dat die ANC die rol van 'n massa-beweging moes vervul, welke beweging dan onder leiding van die SAKP die doelwitte van die Marxistiese revolusie sou nastreef. Die SAKP beskryf by geleentheid die verband tussen die twee organisasies soos volg: "Concretely related to the CP (Communist Party), we maintain that it would be an act of dishonesty on our part if we failed to mention that the ANC helped a great deal to keep the CP alive. Of course this was a mutual process."

Die aaneensluiting van ANC en SAKP-belange moet teen die agtergrond van die sogenaamde "nasionale bevryding" – 'n sinoniem vir nasionale revolusie ten gunste van die Marxistiese ideologie – beoordeel word.

Die stap van "nasionale bevryding"

Die samewerking van die ANC en SAKP moet beoordeel word teen die agtergrond van die Marxistiese teorie dat Derde Wêreldlande nie direk na die fase van die kommunistiese revolusie kan oorgaan nie. Eers moet hierdie lande die fase van "nasionale bevryding" deurloop. Gedurende hierdie fase behoort 'n breë nasionale front tot stand gebring te word onder leiding van die ANC. Die beleidsdokument wat in hierdie verband die grondslag vir massa-optrede, onderweg na nasionale bevryding en uiteindelike kommunistiese beheer en bestuur van die politieke sisteem uitspel, is die *Freedom Charter* wat in 1955 te Kliptown aanvaar is. Die huidige regerende party se dikwelse verwysing na die *Freedom Charter* in die aanloop tot die 1994-verkiesing moet in die lig van die Kommunistiese Party se interpretasie van die Freedom Charter beskou word: "The Communist Party pledges its unqualified support for the *Freedom Charter.* It considers that the achievement of its aims will answer the pressing and immediate needs of the people and lay the indispensible basis for the advance of our country along non-capitalist lines to a communist and socialist future. It is in this situation that the Communist Party advances its immediate proposals, before the workers and democratic people of South Africa. These are not proposals for a socialist state. They are proposals for the

building of a national democratic state. The proposals are put forward within the framework of the *Freedom Charter* which the party considers to be suitable as a general statement of the aims of a state of national democracy."

Die *Freedom Charter* en nasionalisering

Die *Freedom Charter* is 'n stel breë riglyne aan die hand waarvan die eerste fase van die revolusie verwesenlik moet word. Die inhoud van die dokument is ooglopend dubbelsinnig geformuleer en bevat terme soos "democratic state", "democratic organs" en "democratic change" – in ooreenstemming met die kommunistiese oogmerk van 'n diktatuur van die werkersmassas. Die ANC huldig 'n soortgelyke eng standpunt oor 'demokrasie': "We must develop a revolutionary perspective of democracy that is uncompromisingly hostile to narrow nationalism".

Waarom word deesdae so min na die *Freedom Charter* verwys? Eerstens beskou die ANC die "nasionale bevryding" as verwesenliking van die eerste belangrike oogmerk van die *Freedom Charter.* Tweedens word die

Vervolg op bl. 4

Vervolg van bl. 3

sosialistiese implikasies van die opvolgende politieke stappe doelbewus verswyg – veral die herverdeling van bates na die werkersklasse.

Nasionalisering, kommunale plase en opheffing van individuele eiendomsreg

Die *Freedom Charter* is op die lees van die pragmatiese Leninisties-kommunisme geskoei. Dit beteken die nastrewing van 'n ekonomiese utopie waar individuele eiendomsreg as bedreiging van die ekonomiese doelwitte van die massas beskou word. In klassiek-kommunistiese terminologie: "Van elkeen volgens sy vermoë, aan elkeen volgens sy behoefte" – 'n benadering wat in kommunistiese regimes in Afrika konsekwent gelei het tot die skepping van afhanklike massas wat produktiwiteit as oorbodig ag en verwag dat die staat se sosiale welsynsprogramme hul van die nodige lewensonderhoud moet voorsien.

In ooreenstemming met die uitgangspunte van die *Freedom Charter* word nasionalisering – hoe ook al uitgedruk – 'n sleutel tot verwesenliking van die ekonomiese hemel op aarde: "The ANC government shall restore the wealth of our country, the heritage of all South Africans to the people as a whole. The mineral wealth beneath the soil, the banks and monopoly industry shall be transferred to the ownership of the people as a whole."

Die uiteindelike doel is nie om herverdeling van eiendom na individue te bewerkstellig nie, maar om herverdeling van bates onder staatsbeheer te laat geskied. In Leninistiese regimes in Afrika, het bewindhebbers hul dikwels na grondverdeling onder staatstoesig gewend deur kollektiewe plase naas staatsbeheerde plase tot stand te bring. Die voor-die-handliggende implikasies van nepotisme, baantjies vir boeties en reservering van die reg tot benutting van herverdeelde bates deur die party-leiding en toegewyde party-ondersteuners (soos in Zimbabwe) word dikwels 'n skrikwekkende werklikheid.

Die stap van "revolusionêre demokrasie"

Die gang van die revolusie ter bereiking van die ideaal van 'n "revolusionêre demokrasie" is 'n historiese proses wat op die stap van "nasionale bevyding" volg. Dit is met ander woorde 'n tweede fase van die revolusie en is by geleentheid deur die ANC soos volg verduidelik: "... it is very important for our theoretically grounded organisers to give to our people a concrete understanding of the course our revolution will follow, that is the stages it will necessarily pass through." Die "revolutionary people's democracy" is, volgens die ANC, geen statiese begrip nie, maar 'n dinamiese sosio-politiese begrip wat inherent aan die klassestryd is. Dit is – in die terme van die Kommunistiese Party – die diktatuur van die werkersklasse. By geleentheid het W.J. Booyse prontuit verklaar dat die oogmerke van die Leninisties-geïnspireerde *Freedom Charter* nie in 'n normale en vrye samelewing verwesenlik kan word nie: "Against the backdrop of this Marxist-Leninist interpretation of the *Freedom Charter,* it becomes evident that the ANC/SACP Marxist-Leninist alliance is not in a position to implement the *Freedom Charter* in a normal and free society." In kommunistiese lande is dit veelal vertolk as sou die regerende Leninisties-geïnspireerde party die speerpunt van die volkswil vorm wat aan die revolusionêre strewes van die massas gevolg moet gee.

Lesse vir Suid-Afrika

Die verwatering van die Christelike lewenskoers in Suid-Afrika baar groot kommer. Die toename in staatlike intervensie in private lewensfere; die dreigende aantasting van individuele eiendomsreg onder onbewese uitroepe van "gesteelde grond"; skep van massa-verwagtinge ter nastrewing van 'n sosialistiese utopie; marginalisering van segmente van die bevolking as sou hulle 'kolonialiste' en 'setlaars' wees en die verhoogde vlakke van rassisme staan lynreg teenoor die Christelike lewens-etos.

Die staat se politieke taak is primêr die balansering en harmonisering van diverse regsbelange van alle onderdane wat hul op die grondgebied van die staat bevind. Die integrering en harmonisering van die uiteenlopende regsbelange deur die staatsowerhede vereis 'n insig in die komplekse verweefdheid van regsbelange wat in die regsorde na vore kom en die skep van vertroue by die onderdane dat alle regsbelange op basis van gelykheid behartig sal word. Die burgerlike gelykheidsbeginsel stel politieke regeerders voor die eis om nie sektariese belange te bevorder en die indruk van bevoordeling van bepaalde groepe/segmente van die bevolking voor te staan nie.

Regeringsbetrokkenheid by nepotistiese skemas, korrupsie deur regeerlui, ongeërgdheid oor aantasting van regte van bepaalde kategorieë van die bevolking, onvoldoende waarborg van die reg op lewe van alle onderdane – byvoorbeeld die plattelandse boere – asook onvoldoende bekamping van moord, roof en verkragting; vertolking van die algemene belang as sou dit die bevoordeling van die massas wees met uitsluiting van individuele regte en

Vervolg op bl. 5

Vervolg van bl. 4

vryhede; dit alles ondergrawe die kultivering van ’n nasionale bewussyn van eerbied vir die reg, agting vir die vermoë van regeerlui om in belang van alle individue en sosiale entiteite in Suid-Afrika te regeer en skep van ’n vertrouensbasis waarop ’n regsorde van integriteit kan gedy.

Publieke geregtigheid as leidinggewende ideaal van die Suid-Afrikaanse regsorde moet nie alleen verkondig word nie, maar moet ook sigbaar in die politieke werksaamhede van regeerlui tot vergestalting kom. Voorts moet die fokus vanaf die party se politieke belange na die fundamentele beginsels van verantwoordbare regering verskuif. Die nastrewing van politieke beleidsoogmerke wat elders in die wêreld as onsimpatiek teen burgervryhede uitgewys is, versterking van partybelange as speerpunt van die massas (“the people”) en vertolking van demokratiese medeseggenskap as sou dit om die politieke belange van die party sentreer, ondermyn die normatiewe visie wat van ’n verantwoordelike regering verlang word. Wanneer die regering van die dag self die instrument ter aantasting van fundamentele burgervryhede en -regte word, lei dit spontaan tot opvlam van eierigting en verset, dit veroorsaak politieke onstabiliteit en lei tot verbrokkeling en versplintering van die staats- en regsorde. Faksiestryd, openbare demonstrasies en verset volg bykans voorspelbaar en die hartaar van ’n publieke geregtigheidsorde word dermate aangetas dat legitieme verset ’n oorweging oor die breë konteks van die samelewingsorde word. Die regering van die dag kan ’n daadwerklike bydrae tot skep van vertroue word deur hulself van die materialistiese en uitgediende oogmerke van die ateïstiese Marxistiese kommunistiese ideologie te distansieer en ondergrawing van publieke geregtigheidsideale meer aktief te bestry. Nie revolusie nie, maar reformasie vanuit die hart is die antwoord op die behoeftes van ’n land waarin publieke geregtigheid nou meer as ooit praktiese nalewing vereis. Die belangrikste les vir ’n land op die weg na ondergang is: ’n terugkeer na God en sy Woord. Vir die staatsowerheid van die dag: buig onder die gesag van God se Woord, sweer magsug, nepotisme en liefdeloosheid af en weerhou jou daarvan om te maai waar jy nie gesaai het nie. Die geskiedenis van Nabot in 1 Konings 21 verse 1-18 behoort in die tydsgewrig waarin ons lewe met meer erns deur owerheid en onderdaan bejeën te word. ’n Land en mense wat nie ag op die normatiewe eise van God se Woord slaan nie, is ’n land wat geen toekoms het nie.





Revolusie in Suid-Afrika al in die 80erjare geprojekteer

Hugo Hayes

Nasionale Demokratiese Revolusie (NDR)

Die sogenaamde NDR, waaroor 'opsienbare' onthullings enkele jare gelede gedoen is, is in volle swang in Suid-Afrika. Die idee van revolusie as "noodsaaklike staatkundige en sosiaal-maatskaplike transformasie", vanuit sosialisties-lewensbeskoulike inslag gesien, het nogtans nie onverwags sy verskyning gemaak nie. Dit is m.a.w. nie so dat daar eers nóú, byna dertig jaar later, tot die ontnugterende ontdekking gekom word dat Suid-Afrika in die greep van 'n revolusie vasgevang is nie. Kennis oor wát deur die ANC-geleide revolusie, wat reeds in die vorige eeu vir SA in vooruitsig gestel was, teweeggebring sou word, was reeds gedurende die 80erjare (en vroeër) beskikbaar, vir wie ookal daarop wou agslaan.

Benewens ander gesaghebbende publikasies (deur verskillende instansies), het ook die VCHO in daardie jare sy eie publikasie, as 'n deeglik nagevorste studiestuk uitgegee. Hier word verwys na die studiestuk *Die ANC en die Revolusionêre Aanslag op Kerk en Politiek,* wat teen die einde van die 80erjare verskyn het. Daardeur het ons lede en andere wat 'n belang by die voortgang van die kultuur en onderwys en by implikasie ook die kerk en politiek het, sekerlik terdeë kennis moes neem van watter uitwerking so 'n vooruitgesiene revolusionêre oorgang op Suid-Afrika sou hê. Die ideologiese grondslae en die strategieë wat gevolg sou word, gebaseer op die inhoud van die *Freedom Charter,* word in gemelde VCHO-publikasie bespreek, met vrylike verwysing daarna, ter illustrasie.[1]

Argumente wat in hierdie bydraetjie gevoer wil word, gaan nie daaroor dat die geprojekteerde revolusie nou as 'n gegewe in SA beskou moet word, asof niks meer daaraan gedoen kan word nie. Hierin word slegs 'n kritiese evaluering van die revolusie gedoen, ten einde ons weer op te skerp oor waarmee ons tans in SA te doen het. Ander bydraes moet derhalwe in samehang hiermee gelees word. Heersende omstandighede dui daarop dat die voltrekking van die revolusie in talle opsigte veel hewiger is as wat mense dalk nog in daardie stadium (80s) sou kon dink of visualiseer. Daar kan min twyfel bestaan dat die revolusie sal voortwoeker, d.w.s. vererger, totdat die gestelde sosialistiese (verbloemde kommunistiese) ideale vir Suid-Afrika verwesenlik word, tensy ...?

Afgelope (2017-) konferensie van die ANC, wat in die grootste verdeeldheid plaasgevind het, moet ons ook nie mislei om te dink dat dáaruit nou iets goeds tevoorskyn kan kom nie; allermins. Verdeeldheid en onmin (stryd) binne ANC-geledere, wat die kenmerkende eienskappe van 'n revolusionêre proses en organisasie soos hy is, is juis bevorderlik vir die voortgang van die revolusie. Dáárbinne word die klimaat vir revolusie verder aangewakker en gekweek (gestook), aangesien geen gemeenskaplike en uniforme beleid of voorneme wat orde en stabiliteit tot gevolg sou kon hê, daaruit kan voortvloei nie. Dit is eenvoudig nie inherent aan 'n revolusionêre

dekreet of proses om ordelikheid en stabiliteit daar te stel nie, maar chaos, onsekerheid en wanorde, sodat in die finale stadium tot anargie oorgegaan kan word.

Revolusie, gemeet aan Christelike gesag, ordelikheid en regsinnigheid

Dit is ondenkbaar dat van 'n revolusie verwag kan word om aan enige van die ideale wat deur ons Protestants-Christelike beskouing oor gesag, ordelikheid, en regsinnigheid in God se skepping gehuldig word, gevolg te gee. Ons Protestantse beskouing oor kerk en politiek staan lynreg teenoor die ideale van die revolusie. In die revolusie gaan dit hoegenaamd nie daaroor dat instellings soos die kerk en die staat daar is om die Goddelik-verordineerde beginsels vir die skepping te gehoorsaam, in stand te hou en daarvolgens te regeer binne kerk en staat nie. Die revolusie erken ten ene male nie die goddelike gesag en opdragte van die gemelde verbande nie, maar sal dit selfs met geweld teenstaan, as dit daarop aankom. In reggeaarde instellings wat die belang van ons Christelike saak be-

Vervolg op bl. 7

1 Van belang is dat voormelde en ander projeksies daarop gedui het dat, indien daar op die ingeslane weg soos polities/staatkundig aan die publiek van die land voorgehou, volhard sou word, dit aanvaar sou moes word dat revolusie ons voorland sou wees.

Vervolg van bl. 6

vorder (gesin/kerk/skool) en regshandhawing soos deur die Christelike staat tot stand gebring, is dit ooglopend nie geïnteresseerd nie.

Ons Christelike lewens- en wêreldbeskouing moet ons lewensuitkyk op die onderwys en die wetenskap en, in aansluiting hierby, ook die kerk en die politiek, bepaal. Die geopenbaarde Woord staan sentraal in die vorming van lewensnoodsaaklike begrippe oor God, mens en wêreld. Deur die nalatenskap van die Reformasie, het ons ons gereformeerde belydenis, waardeur die sentrale Bybelboodskap geïnterpreteer word. Hoewel ondergeskik aan die Woord, staan die belydenis medebepalend t.o.v. ons geloofsinhoude en derhalwe ook ons lewensbeskouing. 'n Waarheidsgetroue begrip oor Wie God en wat die mens is, asook van die werklikheid, besorg aan ons hierdie lewensbeskouing, en dit kan nie van die sosialistiese inslag van die revolusie gesê word nie. Die revolusionêre beskouing verhef die sosialiteit van die samelewing tot die allerbeginsel, wat tot 'n verwronge beeld van mens en werklikheid, aanleiding gee. Die mens se hele bestaan moet in hierdie verabsoluteerde aspek van die werklikheid opgaan, waardeur dit tot 'n blote sosialistiese noemer gereduseer word. Geen wonder nie dat dit tot 'n ingrypende versteuring van orde in die samelewing, soos wat ons tans in Suid-Afrika beleef, aanleiding gee.

Gesag, ordelikheid en regsinnigheid is universele beginsels wat hulle oorsprong by God het en as sodanig universeel bindend en geldend is vir die werklikheid van ons bestaan. Daarsonder kan daar geen sinvolle bestaan vir die wêreld en by implikasie die mens wees nie. Dit is beginsels wat ter wille van die ordelike en harmonieuse (saam) bestaan en voortgang van die samelewing daargestel is. Deur erkenning en navolging van hierdie beginsels word 'n Christelik-opgevoede en beskaafde samelewing opgebou en in stand gehou, ooreenkomstig die norme wat daarvoor bepalend is. Waar hierdie Christelike beginsels omvergegooi word, soos deur die revolusie gepoog, word die samelewing in disharmonie gedompel en onder 'n alternatiewe sisteem gebring, deur wanorde voorafgegaan. In 'n sosialistiese samelewing word die beginsels wat deur God vir die wêreld wat Hý tot stand gebring het, neergelê is, op hulle kop gekeer en aan die mens 'n posisie toegeken wat nie na die ordening van God is nie.

Sosialisme plaas die mens (in-sy-verhouding-tot-mense) in die sentrum, waar dit primêr oor die bevrediging van sy oorwegend selfsugtige (materiële) behoeftes en begeertes gaan. Die uitwerking van hierdie ideologie is wydlopend t.o.v. die geheel van ons samelewing en tref wesenlik elke lewensverband negatief. Sosialisme staan immers vir die afskaffing van private besit en dat langs 'n geleidelike of revolusionêre proses, produksiemiddele gesosialiseer (genasionaliseer) word, in belang van die nastrewing van 'n sogenaamd beter samelewing. In hierdie revolusionêre aanslag word met feitlik al die Christelik-kritiese elemente wat met ons Calvinistiese werklikheidsbeskouing verband hou, weggedoen.

Die revolusie parasiteer op 'n toestand van onordelikheid, sodat 'n klimaat van onsekerheid, twyfel en verwarring geskep word, wat vir die verwesenliking daarvan bevorderlik is. Insidente wat 'n "gees van verskrikking" tot gevolg moet hê word as ideaal gesien vir die uitvoering van die oogmerke van die revolusie. In hierdie kategorie is aan ons bekend: opmarse met genoeg magsvertoon, optredes gerig op blatante vandalisme, die aanblaas van dreigemente en intimidasie, moorddadige aanvalle op mense, ens. Dit het ten doel die inboeseming van vrees by gewone burgers van die land, wat hulle lewens op 'n eerbare wyse wil voer. Slaag die aanstigters daarin om 'n vreespsigose by hulle slagoffers te ontketen, reken hulle daarop dat laasgenoemdes maar te geredelik tot toegewings bereid sal wees. Alles daarop gerig dat die revolusie veld sal wen deur die struikelblok ("gevestigde orde") stapsgewys af te breek en die samelewing tot oorgawe aan 'n alternatiewe bestel te onderwerp, met die mens as die finale bepaler van sake.

Deur 'n verplasing van gesag weg van God na die kollektiewe mensheid, word 'n wanverhouding in die samelewing in terme van gesag tot stand gebring. Kragtens die revolusie word aan die mense gesag toegeken, waarop hulle nie geregtig is nie. Daarom sal die uitdrukking "we the people" meermale verneem word, ter beklemtoning hiervan. God alleen beskik oor absolute gesag om aan die mens die eis van gehoorsame uitlewing van sy gebooie, insettinge en verordeninge te stel. Wanneer aan mense dié gesag toegeken word, wat Hom alleen toekom, ontstaan die vraag: watter maatreëls sal vir die samelewing geld en wie sal vir die sanksionering daarvan verantwoordelikheid neem? T.o.v. die plek van die SA-grondwet word dit wel deur baie as die finale gesag beskou, wat 'n deur-die-wet-gereguleerde samelewing moet verseker.[2]

Afgelope ongeveer 25 jaar se gebeure in Suid-Afrika behoort ons met reg die vraag te laat stel of dit (wat SA tans het) werklik as 'n weerspieëling van vryheid en gelykheid bestempel kan word en of dit nie maar 'n geval is dat die

2 Wesenlik een van die mees liberale in die wêreld, refelekteer dit die gees en toon van sosialistiese denke van vryheid en gelykheid, ingevolge die revolusionêre beskouing.

3 Kyk ook die bydrae oor "Die transformasie van die samelewing".

Vervolg op bl. 20

Wat word onder die begrip ‘revolusie’ verstaan?

Geneem uit die vertaalde werk van Groen van Prinsterer:
***Teen die Rewolusie die Evangelie,* deur prof. S du Toit**

Een van Van Prinsterer se bekendste werke is getiteld: *Ongeloof en Revolutie*. Dit bevat die gedagtes wat as die rigsnoer vir Van Prinsterer se staatkundige beskouinge gesien word en wat hy talle kere van alle kante toegelig het. Dit naamlik dat daar tussen ongeloof en Revolusie ’n onverbreekbare en onontkombare samehang bestaan. Wat hy onder ongeloof verstaan, het geen toeligting nodig nie: dit is die verwerping van die geopenbaarde waarheid van God.

Minder vanselfsprekend egter is die betekenis van die begrip ‘Revolusie’. Wie Van Prinsterer se gedagtegang hierin wil volg, moet sy spraakgebruik ken. Onbekendheid daarmee het meermale tot gevolg gehad dat van sy bedoelinge as ’n karikatuur geteken is. As ons praat van revolusie, bedoel ons gewoonlik ’n verplasing van die gesag in die staat of ’n poging in dié rigting. Ons vind hierdie betekenis ook wel by Van Prinsterer. Maar dit is nie met die oog hierop dat hy homself anti-revolusionêr genoem het nie; inteendeel, omwentelinge soos van die Nederlande in die 16de eeu en van die Engelse in 1688 het sy volle instemming gehad. Dié het hy gereken tot die “konserwatiewe, Christelik-historiese, by uitstek anti-revolusionêre” revolusies, wat van die werklike “revolusionêre revolusie” hemelsbreed verskil.

Nee, waar dit vir Van Prinsterer oor die Revolusie met ’n hoofletter gaan, bedoel hy nie ’n bepaalde voorval uit die verlede nie, maar ’n blywende gesindheid, waarvan die Franse omwenteling weliswaar ’n hoogs belangrike, maar tog slegs één gebeure was. Die Revolusie was immers “die stelselmatige omkering van begrippe, waardeur, in die plek van die ordeninge van God, die eiewysheid en willekeur van die mens ten grondslag van staat en maatskappy, van reg en waarheid gelê word”.

Hierdie Revolusie nou, wat in die Franse omwenteling vir die eerste maal as beheersende vormkrag openbaar geword het, het sedertdien in die Europese staatkunde die oorhand behou. Hiervan het Van Prinsterer beweer dat dit “met al sy verskeidenhede van teoretiese en praktiese rigtinge en gedaantes, gevolg en toepassing, die ontplooiing van die ongeloof” is. In genoemde werk het hy hierdie stelling in die breëre sin ontwikkel. Eers toon hy daar negatief die faktore aan waarvan ten onregte beweer is dat dit oorsaak van die Revolusie sou gewees het. Daarna bespreek hy die beginsels waaruit, na sy mening, die Revolusie wél voortgevloei het.

Tot die eerstes het hy in besonder die Reformasie en die bestaande misbruike gereken. Reeds in sy tyd is dikwels, deur Roomse en vrysinniges, die ontstaan van die Revolusie op die rekening van die Hervorming geskryf. Van Prinsterer was ’n presies teenoorgestelde mening toegedaan. “Die Revolusie is, in verband met die wêreldgeskiedenis, in omgekeerde sin wat die Hervorming vir die Christendom geword het. Soos laasgenoemde Europa uit die bygeloof gered het, so het die Omwenteling die beskaafde wêreld in die afgrond van die ongeloof gewerp. Soos die Reformasie strek die Revolusie hom

oor elke gebied van praktyk en wetenskap uit. Toe was (dit) onderwerping aan God, (maar) tans is opstand teen God die beginsel.”

Elders vat hy hierdie teëstelling soos volg saam: “Die Revolusie gaan uit van die soewereiniteit van die mens; die Reformasie van die soewereiniteit van God. Die een laat die (Gods)openbaring beoordeel deur die rede; die ander onderwerp die rede aan die geopenbaarde Waarheid. Die een ontbreidel die individuele meninge; die ander voer tot die eenheid van die geloof. Die een verbreek die maatskaplike en selfs gesinsbande; die ander verstewig en heilig dit. Eersgenoemde handhaaf sigself deur moorde, laasgenoemde oorwin deur die martelare. Die een kom uit die afgrond, die ander daal van die hemel af.”

Ten tweede: die omvang van die misbruike is nie-toereikend om as ’n revolusie verklaar te word, soos die Franse een was nie. Die misstande was nie meer as “ondergeskikte oorsake van die Revolusie nie … In die verbastering van die Europese state was aanleiding genoeg om, wanneer

Vervolg op bl. 9

Vervolg van bl. 8

hervormde wysheid ontbreek, skrikwekkende uitbarsting te bewerk. Maar ’n omwenteling is nog nie die Revolusie nie. Om hierdie stelselmatige omkering van maatskaplike ordening en gemeenskapslewe, om hierdie Revolusie te laat ontstaan, was méér as die grootste en talrykste misbruike nodig. ’n Omwenteling, waarvan die geskiedenis op elke bladsy die spore van teoretiese ontwikkeling vertoon, moet ’n teoretiese oorsprong hê.”

Sy ondersoek na die teoretiese oorsprong het Van Prinsterer gelei na die denkbeelde wat in die agtiende eeu in Europa die oorhand gekry het. Daar is tereg na verbetering gesoek, en dit is met ywer en veerkrag gedoen. Maar, “energie (wat) sleg bestuur (word), word des te meer heilloos namate dit kragtiger is; die grootsheid van die bergstroom verminder nie die yslikheid van die werking waarmee die vernielende stortvloed die land oordek nie … Oorvloed van vuurwerk en fakkellig was daar, maar aan sonlig (is daar) gebrek. Geen menslike wysheid maak die akker vrugbaar sonder die lig van die son nie. Die arbeid van verstand en genie in die voortbrenging van denkbeelde en in die vorming van stelsels is ydel, wanneer ’n mens jou aan die strale van die wysheid wat van bo is onttrek, en die verskil van vryheid en onafhanklikheid op die gebied van die wysbegeerte misken”.

Die mense het hulself geëmansipeer (vrygemaak) van die geloof aan die geopenbaarde Waarheid en hul steunpunt in die mens gesoek. “Die beginsel van hierdie wysbegeerte was die *soewereiniteit van die Rede* en die uitkoms godversaking en materialisme. Die oppermag van die Rede, as aksioma, is vooropgestel. Waar die Rede as onbedorwe beskou is, kon die openbaring niks daarbo bereik nie, altans niks teen die uitspraak van die Rede bevat nie. So het die Rede toetssteen van die waarheid geword.” En van die een dwaling het die mensdom maklik in die ander geval. “Die openbaring moet, waar die rede hom hierbo verhef, weldra ’n saamskraapsel van legendes en fabels wees. Maar ook die natuur word, waar ’n mens vir die openbaring blind is, uit natuurkragte verklaar; die godheid is louter abstraksie, ’n denkbeeld(ige) godheid. As ’n mens (dan) moet begryp om te kan glo, wat (Wie) is meer ongelooflik, meer onbegryplik as God!”

Ook in vroeër tye het hierdie ongeloof hom laat geld. Maar sedert die agtiende eeu het dit in die Europese samelewing die oorhand gekry. Wat uitsondering was, het reël geword. Selfs onder die heidene is oor die algemeen nog vasgehou aan die denkbeeld van ’n goddelike openbaring. Aan die wysheid van die Eeu van die Verligting was die ontdekking voorgehou: “dat die mens sy eie wetgewer, en elke openbaring bedrog; dat God Almagtig, die Skepper van hemel en aarde, ’n onding, altans ’n oortolligheid is”.

Ook waar hierdie ongeloof hom in die fyner vorm van deïsme gehul het, wat selfs nog op die naam van Christelik aanspraak kon maak, het dit wesenlik berus op die ontkenning van die grondwaarhede van die Christelike geloof. Daar is gespreek “van die Opperwese, omdat die mense nie graag gespreek het van die Lewende God wat Homself in sy Woord openbaar het nie; van Christendom en Christelike beginsels, omdat die wesenlike van die evangelie – al is hierdie en soortgelyke pragtige bewoordinge behou – tot niet gaan sodra die Persoon van die Saligmaker in die skadu raak”.

In alle lewensverhoudinge het hierdie ongeloof deurgedring en alom het dit hom van die gemoedere meester gemaak. Daardeur het dit oorsaak geword van “wêreldkrisis, tewens krisis in die Christelike kerk, tydperk van verval en afval, van stryd teen die Evangelie op die gebied van wetenskap en praktyk”.

“Maar”, vra u, “hoe is dit moontlik dat ’n leer waaruit hierdie willekeur ontspruit, as teorie van die vryheid uitgebasuin is?” Watter waarborge is daar dat hierdie konsentrasie, hierdie oppermag, wat hom verhef bo al wat God genoem word, nie tot verdrukking misbruik sal word nie? Watter waarborge? Elke verdediger van die revolusieleer sal dit vir u sê: die hele sisteem is ’n sameflansing van waarborge. Let slegs op die populêre oorsprong van alle magte. “Dit is die algeheelheid van die burgers van wie die staatswil uitgaan, wat op die staatsgesag reg het, wat homself beheer, wie se vryheid en selfbeskikking die lewensbeginsel van die staat is, wie se goedvinde die hoogste wet is. Elkeen aan wie enige mag toevertrou is en wat hom daarvan sou wil bedien tot inkorting van die volksoewereiniteit, word deur die vryheid van verkiesinge, van drukpers, van publieke mening in toom gehou of, waar dit nodig is, bedwing en gestraf.” Dit is hoe die teorie lui.

In ’n volgende hoofstuk (in die publikasie) sal ons sien wat daar in die praktyk van hierdie ideale tereggekom het. Maar ook wanneer ons die toepassing eers buite beskouing laat, is dit duidelik dat hierdie leer, vanweë die beginsels daarvan, vir die Christen onaanvaarbaar is. Die Revolusie-teorie is *anti-Christelik*. Dit soek die kwaad alleen in die vorme en verwag alles van (plaas

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

vertroue in) die mens. Dit gaan daarvan uit dat die mens van nature goed is, dat die voortreflikheid van sy aanleg enkel deur bygeloof en verdrukking onkenbaar gemaak word, en dat die verbreking van sy bande hom met snelle vaart die volmaaktheid ook in die staatswese sal laat bereik …

Maar, behalwe anti-Christelik, is die Revolusie-teorie ook *anti-histories*. Gewis, die volgelinge daarvan het hulle dikwels genoeg op die geskiedenis beroep. "En skynbaar nie sonder grond nie; die oppervlakkigheid waarmee die geskiedenis behandel is, was voordelig vir elkeen wat steunsels vir ongerymde leerstellinge gesoek het … Van die fakkel van die nuwe wysheid is gretig gebruik gemaak tot beligting van die hele veld van die geskiedenis. So het hulle verval in wat Montesquieu – wat self gedurig daarin verval het – tereg die vrugbaarste bron van historiese dwalinge genoem het. In volke en tye het dit die voorstellinge oorgebring wat ten enemale vreemd daaraan was. En, soos drome teruggee wat die denkvermoë oordag besig hou, is dit nie vreemd nie dat 'n mens die trekke wat die manne van die revolusie-teorie hulle vas in hulle geheue en gemoed ingeprent het, terugvind in die droombeelde wat hulle vir historiese 'waarhede' te koop aanbied. Die geskiedenis word 'n valse getuie, en hierdie valse getuienis word 'n verdere kragtige middel om die openbare mening in die tuig van die revolusionêre rigting in te drywe. Die geskiedenis het 'n museum vol revolusionêre modelle, 'n wapenhuis vol revolusionêre wapentuig geword, tot vermoording van die waarheid."

(Nota: Die oorspronklike taalgebruik is effens verwerk, met die oog op groter leesbaarheid; met onderstreping en verheldering in hakies – Red.)

Die transformasie van die samelewing

Geneem uit die brosjure van dr W McLoud: *Alles omtrent die opkomende antichristelike orde*

Dit is een ding om die strukture van wêreldeenheid te skep en omstandighede so te manipuleer dat dit dié eenwording bevorder, maar as die samelewing nie tot so 'n mate getransformeer word dat dié gemeenskaplike waardes 'n wesentlike werklikheid in die wêreldkultuur word nie, dan sal dié globale orde op die langtermyn onstabiel wees. Daarom het die beplanners van die komende globale orde ook al jare gelede met die totale transformasie van die samelewing begin.

Die grootste struikelblok op pad na 'n wêreldkultuur is sekerlik die tradisionele Christelike waardes en norme. Die rede hiervoor is dat die norme direk in stryd is met hierdie okkultiese groepe s'n. Verder lê hierdie waardes en norme 'n sterk klem op God se gesag in die wêreld en die uniekheid van die Christelike geloof waar saligheid net deur die versoeningsdood van Jesus Christus verkry kan word. Dit maak 'versoening' met ander gelowe en die koms van 'n globale godsdienstige orde nie net onmoontlik nie, maar dit word ook deur 'n "Christen-kultuur" onderlê wat baie moeilik deur dié 'vreemde' konsepte binnegedring kan word.

Die eerste groep wat met hierdie probleem te doen gekry het, was die Marxiste. Hulle het gou gevind dat die konsepte van die Marxistiese revolusie nie maklik in Christelike kulture posvat nie, omdat hierdie mense nie maklik teen "die gesag wat God ingestel het" in opstand wou kom nie. Daar moes dus 'n pad rondom dié probleem gevind word. Met die totstandkoming van die Frankfurt Skool in 1923 het verskeie intellektuele figure oor dié probleem besin en gevind dat die Westerse kultuurparameters net op een manier verander sou kon word en dit was deur hulle siening van seksuele waardes te verander. Soos Willem Reich later in sy boek *The mass psychology of Fascism* geskryf het, het dié ateïste gevind dat dit tydmors is om met mense oor die bestaan van God te redeneer. Wat hulle wel gevind het, is sodra mense by alternatiewe seksuele praktyke betrokke geraak het, hulle outomaties die hele gedagte van God en sy bestaan op die agtergrond geskuif het. Seks(ualiteit) was die sleutel om die Westerse Christelike kultuur te verander.

Nadat dié groep in 1934 van Frankfurt na die VSA verskuif het en met die sekulêre humaniste begin saamwerk het, het dié revolusie op 'n breë front begin posvat. Herbert Marcuse, professor aan die Universiteit van California in San Diego, se gesegde "make love, not war", het 'n groot groep jongmense op die universiteitskampusse meegesleur. Die "long march through the institutions" waarvan Marxistiese denker Antonio Gramsci gepraat het, het begin om elke kultuur-

Vervolg op bl. 11

Vervolg van bl. 10

instelling waaronder skole, kerke, die vermaaklikheidswêreld en die media te verander. Die vroeëre Christelike waardes het nou plek gemaak vir saamslaap en saamwoon, buite-huwelikse seks, popmusiek, vuiltaal, geweld, vulgêre en 'naakte' kuns, ens. 'n Makliker skei- en buite-egtelike kultuur het begin posvat en sou later plek maak vir 'n aborsie-, homoseksualiteits- en feministiese kultuur.

Die groepe wat by dié kultuurrevolusie betrek is, het almal wat tradisioneel 'onderdruk' is ingesluit, waaronder die vrou, minderheidsgroepe, anderskleuriges, studente, kinders, homoseksuele, ens. Al hierdie groepe het vir hulle regte begin veg en die rol van die man as hoof van die gesin is met die "outoritêre persoonlikheid" in verband gebring. Sonder dat die samelewing dit besef (het), is die gesag van God wat deur soveel gesagsinstellings werk op hierdie wyse uit die Westerse psige verwyder. Terselfdertyd is die Christelike God (wat in Jesus Christus as 'n man verskyn) as 'n diktator voorgehou wat geen 'verdraagsaamheid' teenoor hierdie nuwe waardes en ander gelowe het nie.

In die plek van die tradisionele Christelike waardes kom daar nou 'n Dionysus-kultuur waarvan die godsdienstige orde gekenmerk word deur seksuele permissiwiteit, homoseksualiteit en die militante vrouefiguur. Dié Dionysus-kultuur van die misterie-godsdienste was nog altyd deel van die okkultiese tradisie en dit is die godsdiens van die hoë hiërargie van geheime organisasies. Deur al die eeue was dié godsdienstige orde die teenpool van die Christelike. Namate die uiteindelike Nuwe Orde in die wêreld nader kom, word hulle kulturele waardes ook al duideliker sigbaar.

Saam met dié kultuurrevolusie kom daar eger ook 'n nuwe ideologie wat verseker dat hierdie waardes vasgelê word en dat die Chistelike waardes finaal op die kantlyn uitgedruk word. Dit word "politieke korrektheid" genoem. Die agente van kultuurverandering het in hierdie verband, net soos met die 'bevryding' van seksuele waardes, by Sigmund Freud gaan kers opsteek. Sy psigologiese kondisioneringstegnieke leen dit daartoe dat die mens, net soos muise, gekondisioneer kan word om net op 'n sekere wyse op te tree. Deurdat die vroeëre kultuurnorme as 'outyds', 'regs', 'dominerend', 'onaanvaarbaar', ens. beskryf word en dit summier en op kragdadige wyse verwerp word, word die publiek onbewustelik gebreinspoel dat hulle daarvoor versigtig moet wees. Deur enige iemand wat dit waag om hierdie norme te verdedig op die destruktiefste wyse moontlik te kritiseer en selfs as psigologies ongebalanseerd te beskryf, word sulke gedrag ontmoedig. Die publiek word deur hierdie kritiek en negatiewe terme beïnvloed om alles wat met dié nuwe norme verskil as 'gevaarlik' vir die samelewing te beskou. Hiervolgens is daar baie ruimte vir alle groepe van die "New Left", maar groot onverdraagsaamheid teenoor tradisionele en konserwatiewe groepe wat Christelike waardes voorstaan.

Uiteindelik sal Christene wat nog tradisionele waardes voorhou 'n baie klein minderheidsgroep in die samelewing word en sal vervolging teen sulke mense ook die goedkeuring van die samelewing wegdra. Daar is maar 'n klein tree tussen dié onverdraagsaamheid en die instel van beperkende maatreëls wat op vervolgings sal uitloop. Verder sal niemand dink dat dié optrede onverdraagsaam en onderdrukkend is nie, omdat die massapsige so gekondisioneer is dat daardie mense nie in die samelewing welkom is nie. Die volgende tree na 'n "ritualised manhunt … in the manner of the Spanish Inquisition" is dan sekerlik 'n baie aanvaarbare manier om "sosiale onrus" te bekamp. So sal 'n "sophisticated form of slavery … (which is) an absolute prerequisite for social control in a world at peace" 'n harde werklikheid word. Die meer as 17 tribunale wat reeds die afgelope tyd in die wêreld ingestel is (en word) om sake van menseregteskendings te ondersoek, sal duidelik maklik (kan) oorgaan tot inkwisisies waar 'fundamentaliste' vervolg kan word. So 'n diktatoriale samelewing sal sekerlik verder ook, net soos onder kommunisme, voordurend op hul onderdane spioeneer en feitlik alles monitor om persone wat nie saamwerk nie, te vervolg.

Dionysus

Dionysus is die antieke Griekse god van wyn, vrugbaarheid, rituele benepenheid, die teater en godsdienstige ekstase. Hy is dalk beter bekend as die Romeinse god, Bacchus, wat moontlik reeds so vroeg as 1500-1100 v.C. aanbid was. Aangesien wyn 'n beduidende deel van die antieke Griekse kultuur uitgemaak het, was Dionysus 'n gesogte en populêre figuur in die mitologie. In latere voorstellings word hy aangetoon as sensueel, naak of seminaak in androgene (wat tot manlike ontwikkelingsvorme lei) jeugdigheid.

Die invloed van Revolusie(s) op die Jeug

Zak H. Scholtz en Tiaan Adendorff

Niemand ontken dat die wêreld rondom ons die afgelope dekades radikaal verander het nie. Daar is etlike handevol redes waarom dit gebeur het. Die verandering in Godsbeskouing en lewens- en wêreldbeskouing en daarmee saam, die verskuiwing in wêreldbeeld wat natuurlik aan die voorpunt daarvan is. ('n Vergelykende studie hieromtrent sal van groot waarde wees.)

Verandering in Godsbeskouing en so ook in 'n lewens- en wêreldbeskouing, het 'n invloed op verandering van denke. Hoe dink die post-moderne mens of selfs net die mens wat in hierdie post-moderne era lewe?, waarvan ons nou deel is. Hoe lank die post-modernistiese benadering nog gaan hou, voordat dit deur 'n volgende vervang word – dit is moeilik bepaalbaar. Daar is egter reeds spanning aan die opbou. Spanning wat dalk kan uitloop op revolusie en nog meer verdeeldheid bring in 'n wêreld met reeds meer as genoeg uiteenlopende kampe.

Vraag is egter wat bedoel ons met die term: Revolusie?

Soek ons na 'n definisie in die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal,* dan vind ons die volgende[1]:

> *"… Opstand teen die staat wat tot **'n algehele ommekeer van die stelsel lei** …".*

Hierdie term is effe beperk aan die subjek gekoppel; die kernbegrip kom egter treffend na vore. Revolusie word soms in terme van die gevolge beskryf (wat miskien beter met die woord opstand beskryf kan word) of met die konsep van 'n denkskuif wat plaasvind, 'n "algehele ommekeer". Voorbeelde van Revolusie in die verlede, gefokus op denkskuiwe, is talryk: Die Kopernikaanse Revolusie, Kantiaanse Revolusie, die modern Feministiese Revolusie, die Seksuele Revolusie ens. Baie hiervan is natuurlik, onlosmaaklik ook etiese-morele kwessies., Of ten minste onderliggend aan die Revolusie self is 'n moontlike morele ontleding moontlik en vanuit 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing broodnodig.

Dit bring ons by die voorpunt van die stryd. Die stryd om die siele van mense. Die stryd tussen die beginsels van die Revolusie(s) en die beginsels van Reformasie. Om die stryd te definieer is nie ingewikkeld nie. Dis die ou stryd tussen die lig en die duisternis, die spanning tussen Tese en Antitese, tussen God en die menslike afgodery, tussen God en Satan. Die stryd tussen die mens se verdorwe wil wat homself sentraal wil stel, teenoor die weergebore wil wat God en sy eer as sentraal beskou! Die stryd van die mens wat homself as god wil kroon en nie die Koning van alle konings aanvaar as Regeerder[2] nie. Die definiëring van die stryd is dus eenvoudig.

Revolusie plaas die mens as die sentrale punt, waaruit alles vloei, waar die Reformasie God as die Sentrale punt sien. Hierdie onderskeid – hoe subtiel – is van

kernbelang en raak elke faset van die lewe. Dis dan ook 'n maklike afleiding om te maak: Reformasie en Revolusie staan teenoor mekaar.

Die volgende belangrike vraag is natuurlik: Hoe baken ons die term 'jeug' af? In die eerste plek moet ons vir mekaar sê dat die stryd nie tot 'n bepaalde groep beperk is nie. Elke mens wat bestaan, is uitgelewer aan dié invloede van Revolusie. So ook die jongmens wat vandag sy pad probeer vind. Dit het 'n invloed op die jongwerkende, die student, die skoolkind. Niemand word ontsien nie. Die vraag is nie meer soseer of ons gekonfronteer gaan word nie, die vraag wat ouers vandag eerder moet beantwoord is: Hoe gaan my kind die aanslag hanteer en kan afweer. Ons kan op hierdie punt maklik in 'n sinisme verval en dink daar is geen hoop nie. Daar is Hoop met hoofletter H: Jesus Christus is ons hoop. Onthou die God-gesentreerdheid van die Reformasie is ook nog daar. God is nie ver nie. Hy is teenwoordig. God is nie doof nie. Hy weet van alles en hoor alles. God is nie blind nie. Hy sien alles. Hy beskik oor alles! Waar anders sou ons troos gewees het, as nie in Hom nie?[3]

1 (Gouws & Odendaal 2005, 935), eie beklemtoning en kursivering.

2 Vergelyk byvoorbeeld in die opsig Psalm 2:1-3.

3 Vergelyk hier Psalm 2:4-12.

Vervolg op bl. 13

Vervolg van bl. 12

Die stryd is egter slegs 'n sub-teks van die werklikheid. Dis die onderliggende gemaskerde werklikheid wat in toepassing geklee is. Die baadjie van toepassing is soms so dig geknoop dat ons dit wat onder die baadjie aangaan miskyk. Daar moet aansienlik dieper geboor word as die gegewe toegepaste werklikheid om die senuwee raak te boor.

Die dilemma is egter dat dit nie ophou met die stryd self nie. Dit word verdiep en verbreed deur die gebrek aan plaaslike dissipelmakers, wat baie maal eenvoudig net nie Teologies-apologeties opgewasse is vir die stryd nie. Ouers wat nie toegerus is nie. Gebrek by die predikant en ouderling wat soms die hele kwessie óf goedpraat óf die spanning kan identifiseer, maar magteloos staan teen die oormag. Dis nog maar alles die lyf van die draak. Die kop van die draak lê meestal in die gebrekkige opleiding. Ons is almal bewus van die behoudende Teologiese Skole wat klein in getal word. Behoudendheid is egter nie genoegsaam nie, daar moet ook effektiewe voorbereiding plaasvind. Hoeveel Teologiese fakulteite in Suid-Afrika het enigsins 'n Apologetiese kursus van waarde? Dis maklik om die probleem "daar buite" te beskou – maar wat doen ons intern om die soldate van die Here voor te berei? Dis een ding om te weet van 'n stryd en om weerstand te bied, maar swak opgeleide soldate sal sneuwel in die stryd, al is hulle hoe vindingryk! Geen gelowige word wederbaar met 'n ingeboude bemeestering van die wapenrusting van God nie.

Die volgende logiese vraag is: Wat is hierdie revolusies wat die Christen-jongmens vandag mee te kampe het? Met die opstel van hierdie lys, was ek in my wese geskok. Sou hierdie artikel sestig jaar of wat jaar terug verskyn het, sou daar maar enkele voorbeelde op die lys gewees het. Die draak waarmee ons te doen het wat op sy voorkop die naam van post-modernisme dra, is 'n draak van 'n ander kleur. Die aanslag is veel feller as dekades gelede. Die troos is egter weer dat Satan reeds oorwin is – en dat hy alles in die stryd werp, omdat hy weet sy finale oordeel is nie ver nie! Hy is egter 'n brullende leeu.

Ons wil ook nie voorgee, dat hierdie lys 'n volledige lys is nie. Dis bloot maar 'n paar beginsels, wat ons glo sentraal staan in die stryd:

Evolusie: Daar is min denkrevolusies, die afgelope 150 jaar wat so 'n groot invloed gehad het, soos die Evolusieleer. Evolusie het Christenskap begin uitdaag op elke moontlike punt. Dit word deur sommige met ope arms omhels en ander soek maniere om dit te vereenselwig met die Bybelse Skepping. Omtrent op elke wetenskaplike vakgebied, het dit 'n invloed. Dit het ook ons skoolstelsel binnegedring en word vandag as algemene waarheid klakkeloos aanvaar. Hoe word Evolusie teengestaan? Soos enige ander godslasterlike dwaalleer teengestaan word, naamlik deur die leuen te konfronteer daar waar dit die Skrifwaarheid teenstaan. Dit sou impliseer konsekwente Bybelgebruik, ook wanneer dit kom by groter Bybelse lewens- en wêreldbeskoulike meta-narratiewe vrae: soos waar kom dood vandaan? Het God alles goed geskep? Die gebrokenheid van die skepping? Het God deur evolusie geskep? Hoe het Christus ons verlos? ens. Evolusie word teengestaan deur die Woord ernstig op te neem. Deur onbeskaamd in Bybelse kategorieë te begin dink en praat en nie geïntimideer te word deur die wêreld se leuens nie.

Die resultate van Feminisme: Alhoewel nie elke element waarvoor Feminisme staan noodwendig gekritiseer kan word nie, is die Feministiese beweging 'n groot faktor in die skuif van huidige sekulêre denke. Die afbreek van die gesinstruktuur, om maar een te noem. Die degradering van binnenshuise rolverdeling tussen man en vrou. Hierby in aansluiting die seksuele revolusie en die debat rakende "sex" en "gender" in meeste Westerse beskawings. Vrouens word aangemoedig om uitlokkend aan te trek. Die hele debat rakende die vrou in die ouderlingamp is ook 'n resultaat daarvan. Feminisme klink so onskuldig in die begin, met dinge waarmee selfs saamgestem kan word. Regte vir vroue – waaronder stemreg tel – is nie in beginsel verkeerd of on-Bybels nie. Feminisme het egter 'n invloed op ons samelewing wat 'n merk gaan los. Daar is vele voorbeelde wat hier genoem kan word, maar die plek waar Feminisme die grootste invloed het op die jeug is by die werkplek (vir die jongwerkende) en die gesin. Hoe sou dit prakties lyk? Die rolverdeling tussen man en vrou word in vandag se samelewing totaal ontken. Daar is 'n natuurlike aversie teen die man as hoof – soos God dit bepaal het. As die man die vrou se meerdere is – dan is dit problematies vir die feminisme. Dit is degradering van die samelewingstruktuur en van geestelike waardes. Dit speel uit op 'n verskeidenheid van vlakke: kleredrag, gedrag, selfrespek ens. Die Bybel maak dit duidelik dat daar rolverdeling bestaan tussen 'n man en vrou. 'n Kernaanname van feminisme, is dat menswaardigheid deur rolle bepaal word, en dáárom is hulle teen rolverdeling. Die Bybel leer dat ons menswaardigheid lê in

Vervolg op bl. 18

Teen die Revolusie, die Evangelie van Christus!

Die Kerk se roeping teen die revolusionêre tydsgees, belig vanuit Romeine 12 & 13

Ds. Slabbert Le Cornu (Gereformeerde Kerk Carletonville)

Inleiding

Suid-Afrika het die afgelope 3 dekades sekerlik die grootste revolusie van sy ganse bestaan beleef; daar is geen twyfel daaroor nie, en dit haas op elke terrein van lewe en denke. Niks en niemand word gespaar nie, selfs nie eens die kerk van die Here nie.

Wat is en moet die gelowige en die kerk se antwoord op die revolusionêre tydsgewrig wees? Daar kan maar net een antwoord, of bron van antwoord wees, wat die kerk van die Here se antwoord en dade in ons revolusionêre tye bepaal, en dit is: *wat leer God se Woord?*

Dit is geleë in die eenvoudige en tog so belangrike antwoord, om Groen van Prinsterer se eie woorde te gebruik: *Teen die Revolusie die Evangelie!*

Daar was en is en sal geen ander antwoord kan wees vir die kerk se profetiese roeping, as 'n radikale (revolusionêre?) terugkeer na Christus en sy geopenbaarde Woord nie.

In hierdie artikel word veral gefokus op die revolusie op die terrein van die kerklike lewe, en wat die antwoord daarop moet wees.

1. Eerstens dan, hoe moet ons die revolusie van ons tyd verstaan?

Revolusie word verstaan as 'n "skielike en radikale omslag of verandering ... in sosiale of politieke instellings ... maar kan ook na groot kulturele of ekonomiese omslae verwys. .. In die politiek word met 'revolusie' gewoonlik die afsetting van 'n magshebber of regering en/of 'n plotselinge verandering van politieke verhoudinge en politieke stelsels bedoel."[1] (Wikipedia-inskrywing by 'Revolusie').

Groen van Prinsterer het dit soos volg verstaan, soos beskryf deur prof. S Du Toit: "Nee, waar dit vir Van Prinsterer oor die Revolusie met 'n hoofletter gaan, bedoel hy nie 'n bepaalde voorval uit die verlede nie, maar 'n blywende gesindheid, waarvan die Franse omwenteling weliswaar 'n hoogs belangrike, maar tog slegs één gebeure was. Die Revolusie was immers "die stelselmatige omkering van begrippe, waardeur, in die plek van die ordeninge van God, die eiewysheid en willekeur van die mens ten grondslag van staat en maatskappy, van reg en waarheid gelê word".[2]

In wese is revolusie dus *ongeloof*.

Dit is presies wat in Suid-Afrika plaasgevind het; dit was 'n radikale revolusionêre verandering, van 'n (vorige) samelewing en maatskappy, wat hoe onvolmaak en gebrekkig ookal, tog burgerlik erkenning gegee het aan twee wesentlike sake:

1) God Drie-enig bestaan, en

2) Hy het sy wil vir die mens in sy Heilige Woord geopenbaar.

Die nuwe revolusionêre SA was in sy wese nie net 'n verandering

van die politieke en sosio-maatskaplike samelewing nie, nee, dit was 'n wesentlike godsdienstige, morele, lewensbeskoulike revolusie wat plaasgevind het, wat nóú verklaar:

3) Daar is baie gode wat bestaan langs die ware God, en

4) God se Woord het nie meer die finale en/of enigste gesag vir die hele lewe nie.

Wat plaasgevind het in ons land die afgelope paar dekades, en alhoemeer, kan ook verwoord word deur die woorde van Psalm 2: "***1*** Waarom woel die nasies en bedink die volke nietige dinge? ***2*** Die konings van die aarde staan gereed, en die vorste hou saam raad teen die HERE en teen sy Gesalfde en sê: ***3*** Laat ons hulle bande stukkend ruk en hulle toue van ons afwerp!" Revolusie is juis om nié te wil voortbou op die goeie van die verlede nie, maar radikaal daarmee te breek, en dit is ook wat met die nuwe SA gebeur het.

Om dit anders te stel, nie net die vuil water (sekere verkeerdhede

Vervolg op bl. 15

4 https://af.wikipedia.org/wiki/Rewolusie

5 http://vcho.co.za/wp-content/uploads/2018/01/Wat-is-Revolusie-Van-Prinsterer.doc

Vervolg van bl. 14

van die vorige bedeling) is uitgegooi nie, maar die hele baba. Die Christelike geloof en lewensbeskouing (as basis van die samelewing) is ook verwerp en verruil vir 'n multikulture, humanistiese, onchristelike godsdienstige bedeling.

Nie die Here en sy Woord is meer die finale en hoogste gesag in alles nie, maar die mens en sý woord spreek die laaste finale gesaghebbende woord, deur bv. die humanistiese menseregteleer wat revolusionêr God se Woord vervang het.

Die wese van revolusie het plaasgevind in die tuin van Eden, met die sondeval, waar die mens God se Woord verwerp het, self soos God probeer wees het, deur reg en verkeerd te bepaal (Gen. 3), en die gevolge was 'n sondige revolusie op elke terrein van lewe en denke, waarvan ons tot vandag toe nog die uitwerking sien; lees gerus Paulus se beskrywing in 2 Timoteus 3:1 tot 4:6.

5) Die mens se verhouding tot God is revolusionêr verbreek, sodat die mens in afgodery verval het. Die mens het inderdaad sy eie god geword, en probeer homself en die wêreld red deur sy eie planne en idees.

6) Die mens se onderlinge verhoudinge met mekaar, hetsy in die huwelik, gesin, familie, maatskappy, tussen volkere, ens. is verbreek, en lei tot vyandskap.

Deur al die eeue heen is daar 'n groot aanslag op wat genoem word die drie skeppingsordes, nl. die rusdag orde (Gen. 2:1-3), die arbeidsorde (Gen. 1:28; 2:15) en die huwelik- en gesinsorde (Gen. 1:26-28; 2:18-25). Alhoewel die aanslag nog altyd daar is, ook reeds in die vorige bedeling was, is dit veral in die laaste 3 dekades dat God se skeppingsorde baie meer verag en vergeet word. Al die gewelddadige opstande deur werkers in ons land, veragting van gesag op elke lewensterrein, die opkoms van die gay-agenda teen die Bybelse huwelik, aborsie-moord wetgewing, is slegs 'n paar voorbeelde wat alles daarvan getuig.

Die gelowige bevind hom werklik in 'n totaal ander wêreld as 'n paar dekades gelede, maar in 'n sekere sin ook glad nie. Soos die Predikerboek leer, daar is werklik niks nuuts onder die son nie. Die wesentlike probleem van revolusie, die sondige hart van die mens, asook die antwoord daarop, die evangelie van Christus, bly dieselfde.

Daarom wil ons *tweedens* kyk wat gelowiges, die kerk van Christus se antwoord moet wees, as ons in tydsomstandighede lewe waar die fondamente van God se Woord al meer omgegooi, verag en verwerp word (Ps. 11:3).

2. Die kerk se antwoord op die rewolusie vanuit die boek Romeine

Die heel grootste fout wat die kerk kan maak in revolusionêre tye, is om te dink hulle kan 'n wesentlike hartsprobleem beantwoord met 'n politieke, ekonomiese, opvoedkundige, sosiale oplossing. Nee, *slegs die Evangelie*, slegs die Woord kan revolusionêre ongeloofsharte verander na reformatoriese geloofsharte. En vanuit die veranderde hartsgesindheid, kan dan die oplossings voortvloei op politieke, ekonomiese, opvoedkundige, en alle ander terreine van lewe en denke. Daarom kan ons onderskryf wat prof. dr. HG Stoker in die eerste helfte van die 20ste eeu geskryf het, en mag dit waar word vir ons tyd (beklemtoning bygevoeg):

> *Nieteenstaande* hierdie agteruitgang glo ek nog dat daar 'n kern van ons volk is wat aan sy verlede ten volle trou bly en in die regte rigting voortbou. Ek glo nog dat daar 'n tyd sal kom waarin God ons volk sal wakker skud tot 'n stryd wat die so nodige antitese sal skep en die toegedekte antitese, die dubbelslagtige en dubbelhartige karakter van die sinkretisme, sal ontbloot en daardeur vernietig – **'n stryd wat noodwendig op kerklike en godsdienstige terrein sal moet begin omdat die Calvinisme die geestelike wortel van ons volksbestaan is**. Ek glo dit omdat die taak wat God aan ons volk hier in Suid-Afrika en ten bate van die hele Afrika gestel het, nog lank nie afgehandel is nie, 'n taak waarin die stryd tussen Oos en Wes 'n sentrale rol gaan speel. Dat God ons volk roep, blyk duidelik uit die roeping van ons volk in die huidige wêreldverwarring.[3]

Gelowiges en kerke onder al die volke van ons land kan nie bepaal wat die ongelowiges en revolusionêres gaan doen nie, maar ons kan by onsself, ons gesinne en gemeentes begin, en teenoor die revolusie stel: terug na Christus, terug na die Woord, terug na die Evangelie!

Ons as kerk se grootste gevaar bly die oorblyfsels van revolusie in ons eie harte! Ons moet waak om midde 'n vervalle revolusionêre wêreld, te begin redeneer: almal tree revolusionêr op, so ek sal ook so 'n bietjie revolusionêr wees, deur my denke en optrede nie te laat bepaal deur God se Woord nie, maar die tydsgees en omstandighede.

Te begin redeneer, bv., my gesin moet kan eet, laat ek die kwaad oorwin met *minder* kwaad.

Dit is mos die Here wat hierdie moeilike omstandighede oor my en ons lewenspad bring as kerk en gelowiges, so as ons so 'n bietjie onreg/korrupsie pleeg, sal Hy mos verstaan?

3 https://proregno.com/2010/02/04/calvinisme-as-wortel-van-ons-volksbestaan/

Vervolg op bl. 16

Vervolg van bl. 15

Ja, dit is nie maklik nie, die versoeking is groot, maar gelowiges mag nie so redeneer en begin leef nie!

Dit is wat Paulus die gelowiges in Rome leer, en ook vir ons vandag, uit die boek Romeine, veral hoofstukke 1,9,12 en 13.

Paulus skryf aan die gelowiges, die gemeente in Rome, oor die Evangelie, die goeie nuus van Jesus Christus, wat volgens 1:1-4 tevore beloof is in die OT-geskrifte.

Hy skaam hom nie oor die Evangelie nie, want dit is die krag van God tot redding vir elkeen wat glo (1:16).

Ja, alle mense het gesondig en gaan verlore, behalwe hulle wat kragtens die Here se genade, deur die geloof in Christus gered word.

Ja, die Here se uitverkore kinders, die kinders van die belofte, volgens Romeine 9, behoort aan sy kerk en sy koninkryk, kragtens sy genadige uitverkiesing in Christus en sal danksy die Here se genade nooit verlore gaan nie.

En as Paulus dan hierdie waarheid van die verlossing van God Drieenig regdeur die Skrifte, die genadeverbond, die Koninkryk van God leer, dan kom hy nou in Rom.12 en verder, by wat vir ons die antwoord gee op die revolusie vandag.

Die gelowige, die kerk van die Here word opgeroep om in dankbaarheid vir hierdie groot verlossing te lewe, deur nie gelykvormig te word aan hierdie afvallige sondige wêreld se denke en leefwyse nie.

Dit beteken wesentlik om in hierdie wêreld nie meer volgens ons revolusionêre harte of die tydsgees te leef nie, maar radikaal Bybels en reformerend.

Ons moet nou volgens die Here se volmaakte wil – deur sy Woord en deur die Gees – lewe.

Ja, die gevaar was vir gelowiges daar in die eerste eeu, maar ook vir ons vandag, om te begin dink: ek behoort nou aan die koninkryk van God, aan Christus, en daarom het geen ander mens of instelling enige gesag of mag oor my nie.

Die kerk behoort aan Christus, ons is in sy koninkryk, en het niks met hierdie wêreld te doen nie, kan ons dalk begin dink.

Ja, ons hoef ons veral nie aan die heidense owerhede en magte te onderwerp nie, ons is mos nou vry, ook vry van die wêreld hier en nou?

En dit is juis hier waar Paulus dan die gelowiges, die kerk van die Here, ook sy kerk deur die eeue en ons aanspreek; ook vir ons!

Ja, hy wil ons hier leer, in die boek Romeine, veral hoofstuk 12 en 13, ons is nie *van* die revolusionêre wêreld nie, 12:1,2 (kyk ook Joh. 17:16), maar wel nog duidelik *in* hierdie wêreld.

Ons leef as kinders van die koninkryk, maar nog midde hierdie wêreld se koninkryke met al hulle revolusionêre opstand.

Ons redding beteken nie dat ons nie ook nog burgers van 'n land is nie.

Gelowiges, en die kerk van die Here, is anti-revolusionêr.

Ons soek in die hele lewe die herstel van gesag op alle terreine, bo-alles God se gesag.

Net so min as wat my redding nie bv. my geslag of volkskap vernietig nie, so vernietig dit ook nie die werklikheid van my burgerskap van 'n samelewing nie.

En daarom wil Paulus deur die Gees ons hier in Rom. 12 en 13 leer, hoe ons moet lewe, en in Rom. 12:9-21 leer ons van die reformatoriese, anti-revolusionêre lewe, as vrug van die hart wat wedergebore is deur die Evangelie van Christus (Rom. 3-11):

Die gelowige gemeenskap leef in liefde, betoon eer aan mekaar en die naaste.

- Die Here word vurig saam gedien, ons lewe in die hoop, al is daar revolusionêre verdrukking.
- Ons lewe in gebed.
- Ons versorg mekaar na gees en liggaam met die geestelike en tydelike middele.
- Is gasvry teenoor mekaar en ons naaste, in 'n liefdelose revolusionêre wêreld.
- Ons moet nie verbitterde wraakgierige mense wees nie, ons moet vrede najaag, dit is ons taak as kerk van die Here.
- Ons het die troos dat die Here alle onreg sal oordeel, die Here sien alle onreg van ons tyd, en sal vergeld.
- Ons roeping bly dieselfde, in alle tydsomstandighede, ons soek die eer van God en die heil van ons naaste, in die Evangelie, dit is om waarlik Bybels 'revolusionêr' in ons tydsgewrig te wees.

Ons erken ook dat die Here burgerlike owerhede daargestel het, Rom. 13:1-7.

Paulus leer ons hier, in die konteks van die res van sy brief,

dat deur ons redding in Christus, leer ons juis om gesag en mag oor ons, ook deur ander mense te aanvaar TER WILLE VAN DIE HERE.

Dit is sy wil, hoedat ons nou moet lewe, as deel van die oproep van Rom. 12:1, 2, in kontras met ons tydsgewrig waar revolusie beide buite én binne kerke aangeblaas word.

Deur die eeue was daar vergrype na beide kante:

a) Gelowiges wat hulle nie onderwerp aan burgerlike owerhede nie: ons is nou vry in Christus, ons lewe nou onder 'n nuwe wet en geen mens sal oor my gesag uitoefen nie, wat vloei uit 'n

Vervolg op bl. 17

Vervolg van bl. 16

verkeerde revolusionêre mens-beskouing wat meen gelowiges is perfek in hierdie lewe, en het nie gesaginstellings nodig om die sonde te onderdruk nie (sien NGB art. 36 se eerste sin).

b) Die ander uitsterste is weer hulle wat meen die owerhede is deur God aangestel, en ons moet hulle absoluut gehoorsaam wees in alles, hulle is goddelik, 'n blanko-tjek benadering. Die dwaling van die "absolute goddelike reg van konings", wat lei na messiaanse staatisme, die staat kan niks verkeerd doen nie, hulle sal ons red hier op aarde, vir ons in alles sorg. Ons moet net bid, hulle seën.

Nee, as ons mooi en aandagtig luister na God se Woord hier en in en ander plekke, is dit baie duidelik dat beide hier geleer word:

die gelowige, kerk, se taak en roeping ten opsigte van hoe om gesag oor hulle te aanvaar, spesifiek die burgerlike owerhede se gesag, én

dat die burgerlike owerheid ook moet besef Wie hulle aangestel het, en wat hul taak behoort te wees teenoor die Here en die burgers van 'n land.

Die fokus is hoe die gelowige teenoor die burgerlike owerhede moet staan, maar Paulus se skrywe behels ook wat die burgerlike owerheid behoort te doen; albei sake dus. En dit is wat die kerk moet verkondig, preek, leer teen en in ons revolusionêre tydsgewrig, teenoor daardie marxistiese en humanistiese sienings van die burgerlike owerhede.

Ons leer uit **Romeine 13:1-7**

1) Elke mens moet hom onderwerp aan die magte wat oor hom aangestel is dus, nie net ongelowiges nie, maar ook ons – ook elke gelowige, ook elke kerk; ons aanvaar in beginsel die owerhede wat oor ons aangestel is.

2) Hoekom?: omdat God die owerhede en magte ingestel het, dit is die wil van God dat daar owerhede sal wees wat oor ons regeer in die samelewing.

3) So, as ons die gesag en mag van die owerheid verwerp; ons nie wil onderwerp nie, dan verset ons ons teen God se goeie en volmaakte wil.

In vers 2 sien ons die burgerlike owerheid is 'n instelling van God, nie deur die mens uitgedink nie, maar deur God gegee.

In vers 5 word hy ook 'n dienaar van God genoem, in God se diens.

En as jy opstandig dit verwerp, gaan jy die oordeel ontvang, nie die ewige oordeel nie, maar die gevolge van jou wetsoortreding.

4) Gelowiges moet die beste burgers wees van die land, hulle moet evangelies, Bybels en anti-revolusionêr lewe, midde 'n wêreld wat as't ware alle gesag verwerp en verag.

Dit wat ons geleer het in 9:9-21; ons hou dus aan om die goeie te doen, nie die slegte nie.

En onthou, die goeie en die slegte word vir die gelowige en die kerk bepaal, nie deur die revolusionêre tydsgees nie, maar deur God se Woord oor die algemeen, en spesifiek sy Wet (sien bv. Rom. 3:31; 7:12; 13:8-10).

5) Gelowiges en kerke moet bewus wees van die burgerlike owerhede se roeping en taak: kyk vers 4.

Die burgerlike owerheid, soos ons bely in NGB art. 36 is daar om uiterlik, in die openbaar, die wet en orde te handhaaf in die samelewing.

En van die tugmiddel wat hulle ontvang het, het ons gelees in ***Rom. 13:4:***

***4**want hy is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf.*

"Die swaard" is 'n gevaarlike wapen, om te beskerm, om doodstraf toe te pas.

Die burgerlike owerheid se taak is nie om die kerk se taak oor te neem nie, of onderwys, ekonomie, welsyn, gesondheid, ens. te bepaal nie.

Nee, hul taak is wet en orde en alles wat daarmee gepaardgaan.

- Die gelowiges en kerk moet getuig teen die messiaanse staatsidee wat god op aarde probeer wees, die burgerlike owerheid het 'n beperkte taak volgens God se Woord.
- Die burgerlike owerhede moet nie aanbid word nie, moet ook nie revolusionêr verwerp word nie, maar gereformeer word deur sy Woord.

Ons moet bid vir die burgerlike owerhede en owerheidspersone, soos Paulus in 1 Tim. 2 en Petrus in 1 Petr. 2 ons oproep,

Ons moet hulle gehoorsaam wees in soverre hulle nie van ons vereis om self God se wet te oortree nie, soos wat Hand. 4:19 en 5:29 ons leer.

En belangrik, ons moet aanhou profeties getuig dat elke gesagsdraer, en dus ook die regters en konings van ons tyd, moet buig en God se gesag bedien, sy wette:

***Psalm 2:10-12** **10**Wees dan nou verstandig, o konings; laat julle waarsku, o regters van die aarde! **11**Dien die HERE met vrees, en juig met bewing. **12**Kus die Seun, dat Hy nie toornig word en julle op die weg vergaan nie; want gou kan sy toorn ontvlam. Welgeluksalig is almal wat by Hom skuil!*

Elke terrein van die lewe moet

Vervolg op bl. 18

Vervolg van bl. 17

volgens God se Woord ingerig word, die kerk moet verkondig dat die gelowiges, in die amp van die gelowige, die heerskappy van Christus orals sal verkondig.

En dit begin – baie belangrik – met elke gelowige wat homself onderwerp aan die gesag wat oor hom aangestel is.

Dit begin met elke gesin, wat 'n gemeente en staat in die kleine is.

Dit begin met gemeentes wat hulle afsonderlik en gesamentlik onderwerp aan die Here se Woord, onvoorwaardelik.

Onthou, geen instelling, geen tugmiddel kan 'n mens red of wesentlik verander nie.

Dit is alleen deur wedergeboorte wat die mens se natuur kan verander, a.g.v. die bloed van Christus.

Dit is die ware Bybelse 'revolusie' wat nodig is om die hele lewe, ons land te red!

Maar as geredde moet ek dan verder gaan, en in dankbaarheid my hele lewe onder die dissipline bring van die verskillende gesagsterreine, soos geopenbaar in die Woord.

Dit is alleen soos wat individue, gesinne, gemeentes en gemeenskappe al hoe meer bevry word van die revolusiegees, en deur die Here se Gees en Woord gered, geheilig en gereformeer word, dat ons land en al sy volke kan verander, en daar weer hoop vir ons is.

In Christus word ons weer herstel om onderdanig te wees, en nie meer revolusionêr nie.

Dit help nie ons verwag van die samelewing en die owerhede om nie revolusionêr te wees nie, maar ons eie lewens, ons huwelike, ons gesinslewens is revolusionêr opstandig teen God se gebod nie, of hoe?

Hier is 'n paar vrae van self-ondersoek, wat die kerk moet preek teen die revolusiegees:

is ons huwelik saam en afsonderlik onderworpe aan God (Ef. 5:20, 21)?

is ek as man onderworpe aan God en sy opdragte aan my (Ef. 5:25-33)?

is ek as vrou onderdanig aan my man wat die Here oor my aangestel het (Ef. 5:22, 23)?

is ek as kind onderworpe aan die ouerlike gesag wat die Here oor my aangestel het (Ef. 6:1-3)?

is ons as ouers onderworpe aan die Here se gesag (Ef. 6:4)?

is ek as werknemer of werkgewer onderworpe aan die gesag wat die Here oor my gestel het op arbeidsterrein (Ef. 6:5-9)?

onderwerp ek my aan die gesag van die ouderlinge wat die Here oor my aangestel het (1 Tim. 3-5; Hebr. 13:17)?

onderwerp ons ons aan die burgerlike owerhede wat oor ons aangestel is (Rom. 13:1-7)?

Netso revolusionêr sondig en verkeerd dit gaan wees as die burgerlike owerheid grond gaan begin steel, netso revolusionêr verkeerd is dit as ek 'n ander man se vrou gaan steel, of as ek die Woord van my gesin weerhou, of as ek weier om die eredienste by te woon, of my bydrae te lewer aan die Here wat Hy vra, of toelaat dat ons jongmense in stryd met God se wet lewe buite die eg, ens.

Laat die kerk ook verkondig dat dit alleen in Christus is wat ons enigste hoop is teen ons eie revolusionêre harte.

Christus alleen bring hoop vir die ewige én hierdie lewe.

Ons kan nie oorwin in ons eie krag nie, maar juis oorwin in die krag van Christus.

Daarom; laat ons leuse as gelowiges afsonderlik en kerke saam wees:

Teen die revolusie, **die Evangelie!**

Vervolg van bl. 13

die feit dat ons na God se Beeld geskep is, en dat mense met verskillende rolle en posisies gelyke menswaardigheid voor God het. Hierdie is dus 'n wortel van die leuen wat aangespreek moet word. Dit is ironies, want dit word dan geredeneer vanuit die aanname dat vrou-wees minderwaardig is deur die funksie van haar rol te vervul! Hierdie weerstand begin nie net aan die Universiteite nie – maar ook in die sale van die Sinodes.

Post-moderne Relativisme: Die blootstelling van die jongmens aan die post-moderne gees van Relativisme – waar alle waarheid oënskynlik ewe geldig en waar is, skep 'n jongmens wat nie meer effektief Waarheid en leuen kan onderskei nie. Hierby in aansluiting die relativering van waarde (die hele aborsie-debat), wat hand in hand loop met die relativering van waarheid (Pilatus se vraag aan Jesus: "Wat is waarheid?"), wat hand in hand loop met die relativering van moraliteit. Elkeen van die denkrigtings gebou op die post-moderne relativisme het 'n natuurlike vyand ingebou. Geen denkrigting kan opsigself bestaan sonder verafgoding nie. Daardie afgod moet geïdentifiseer en uitgedaag word. Post-modernisme doen homself dus voor as die groot waarheid wat nie uitgedaag mag word nie, as die waarheid wat alleenreg het om homself as absolute waarheid voor te hou,

Vervolg op bl. 19

Vervolg van bl. 18

en selfs God se uitsprake moet gerelativeer word. Dit is godslastering wat God van sy Godheid probeer ontneem en vir die mens opeis.

Post-Christelike tradisie en die skuif na inhoudlose spiritualiteit: Die skuif van Christenskap na 'n meer universele, ongedefinieerde spiritualiteit. Die ervaring van God wat bo die Openbaring van God gaan staan. Dit is dus inhoudloosheid met 'n spesifieke doel: sodat elke mens bevry kan word om te doen wat reg is in sy eie oë. Elke mens kan 'n god en 'n godsdiens maak wat by hom pas. Hoe hierdie teengestaan word, is deur die gebruik van taal. Die taal wat ons spreek moet gedefinieerde taal wees, dat daar geen onsekerheid kan wees oor wat ons sê nie. Die kerk is nie geroep om 'n vae godsdienstige ervaring te verkondig nie, maar die Verlossingswerk van 'n spesifieke Koning wat aan die regterhand van God die Vader sit en wat alle mense oproep tot geloof in en bekering tot Hom.

Post-Kerklike tradisie: Die wegbeweeg van fokus op die samekoms van die kerk, na 'n samekomslose kerk-wees. Die beskuldiging van skynheiligheid wat as verskoning gebruik word. Hierdie kan teengestaan word deur die regte verstaan van die term "Kerk" in die Skrif. Daarmee saam ook die regte verstaan van die Evangelie!

Die geloof van Verdraagsaamheid: Hand in hand met die ander perspektiewe leef die geloof van Verdraagsaamheid. Indien enige skyn valse waarheid uitgedaag word, word die geloof van Verdraagsaamheid ingespan. Die geloof van Verdraagsaamheid is gebou op die subjektiewe, gerelativeerde werklikheid en handhaaf geen waarheid as absoluut nie. Dis 'n skuiwergat vir onverantwoordbaarheid teen God. Die Skrif maak dit duidelik dat die Christen geroep is om duidelik die Waarheid te verkondig: 2 Tim 3:16 e.v.

Die seksuele revolusie: Die seksuele revolusie het verby die standaard pornografiese en eksplisiete beweeg na die abnormale en onmenslike. Sien as voorbeeld die skuif in wat sosiaal-aanvaarbaar (alhoewel reeds nie-Christelik) is, die afgelope paar dekades. ('n Draaipunt-voorbeeld hiervan is die musiekindustrie wat al hoe meer grafiese musiekvideos produseer en reekse soos: *Game of Thrones* wat 'n nuwe vlak van die seksuele revolusie ingelyf het). Die seksuele tonele het grafies verdiep en is selfs gekombineerd met die abnormale en die totaal geweldadige. Buiten hierdie ontwikkeling is die buite-God gegewe seksuele (tot sy eer) nou die algemene. Teenstand in hierdie area – soos met ander Revolusies is fel en dit word selfs gekriminaliseer. Dit wat mense daardie tyd geprikkel het – is nou afgestomp – die prikkel moet baie erger word om enigsins meer effektief te wees. Hierdie kan weereens deur 'n regte verstaan van die Skrif oor die plek van seks o.a. reggetrek word. Daar kan ook sonder voorbehoud of skaamte gesels word oor die uitspraak van die Skrif oor pornografie ens. Seks bv. is 'n wonderlike geskenk van God en moet onder sy Koningskap geniet word. Dit verheerlik Hom.

Irrasionele Rasionalisme: Met die digitale sosiale skuif wat plaasgevind het, het die markplein ook verdwyn. Die markplein was die plek waar nuwe gedagtes en denke uitgeruil kon word en daar sinvolle debatvoering kon plaasvind. Markpleine bestaan nie meer nie en is deels vervang met sosiale media, wat eerder lei tot kampvorming as wat dit sinvolle debat ondersteun of bevorder. Dit gee aanleiding tot onvermoë van mense om sinvol te debatteer en te ontwikkel. Hand in hand hiermee loop die blootstelling aan massa-inligting. Die skep van 'n markplein op hierdie punt is van kardinale belang. 'n Markplein kan 'n Bybelstudie wees, dit kan 'n algemene bymekaarkom plek wees vir mede-Christene om eerlike vrae te kan stel. Irrasionele Rasionalisme word aangespreek deur die Christen-jongmens effektief voor te berei om logies te kan redeneer, om logika-foute te kan identifiseer en om effektief debat te kan voer. En deur hulle lief te maak vir die Skrif en vir God wat geopenbaar word in die Skrif, en die logiese onderwerping daaraan.

Blootstelling aan massa-inligting: Die blootstelling aan massa-inligting o.a. het die mens van vandag oppervlakkig en lui gelaat rakende enige diepte studie. Dit skep verder die illusie van kennis en wysheid. Kennis is nie iets wat meer nagespeur moet word nie – maar wat altyd gereed is. Dit skep verder die behoefte dat kennis kompak moet wees, anders word dit summier verwerp. Die verpakking van kennis is in meeste gevalle meer werd as die inligting self. Resonerende opinies word kritiekloos opgeslurp. In die opsig moet die jongmens geleer word om met selfbeheersing toegang tot inligting te bestuur. Om meer en langer gewoonweg boeke (hetsy elektronies of hardeband) te lees. Massa-inligting maak dat ons minder inligting kan prosesseer – dit moet teengestaan word. Die dissipels van die Here moet hierin ook geleer word hoe om binne hierdie uitdagings tot eer van God te leef!

Blootstelling aan meer Gods-, lewens-, en wêreldbeskouings: Die blootstelling aan meer godsdienste en ander lewens- en

Vervolg op bl. 20

Vervolg van bl. 19

wêreldbeskouings het natuurlik 'n verdere invloed. Alle godsdienste word gerespekteer – alle godsdienste is gelyk. Dit is nie noodwendig sleg om blootgestel te word nie. Toerusting is juis om die vyand se geloof te ken. Godsdiens in skole stel nie bloot feite oor wat verskillende godsdienste glo nie, maar stel dit binne die groter denkraamwerk van pluralisme. Dus word die kinders pluralisme geleer. Dit moet uitgewys word en hulle moet daarteen bewapen word met God se Woord wat lynreg teenoor pluralisme staan. Die vraag is: is die jongmens toegerus om die afgode in die ander beskouings te identifiseer en teë te kan staan? Die afwesigheid van die Christelike godsdiens in skole het 'n geestelike lugleegte gelaat.

Blootstelling aan ekstreme welvaart: die jongmens van vandag kyk ook op na ander in hulle eie portuurgroep wat byna oornag groot welvaart verkry het. Dit lok 'n strewe na hierdie einste welvaart, a.g.v. die gebrek aan betekenis en waarde by baie jongmense. Met die relativering van waarde en betekenis en waarheid is daar 'n lugleegte geskep wat gevul moet word. Die soeke na God se wil – het hier 'n kernelement geword. 'n Antwoord hier is om blootgestel te word aan gereelde uitreik na die sendingveld. Dit het 'n direkte invloed op ons perspektief van die wêreld en hoe die wêreld leef. Ook 'n sterk Bybelse begronding rakende rykdom is hier van kardinale belang.

Die blootstelling aan bestaande uitdagings soos rook, dwelms en drank is natuurlik steeds deel van die jongmens se versoekings. Dit word egter verdwerg met die bostaande. Hierdie is van die mees nagevorste aspekte.

Hoe word die bostaande dwalings bestry? Met kennis van die Woord. Met kennis van God. Deur vertroue en onderwerping aan die Waarheid. Dit klink amper elementêr, maar dis hoe hierdie dwaalleer bestry word. Die jongmens wat kennis het oor die Woord en oor God se skepping en hoe God in daardie skepping verheerlik word, het min om oor bekommerd te wees. In die plaaslike gemeente is hierdie oor en oor bewys. Die jongmens wat 'n plek het om 'n Bybelse antwoord te kry. 'n Jongmens wat 'n plek het om eerlik oor die Woord te kan praat en eerlik vrae te kan vra. 'n Jongmens wat 'n plek het om eerlike Bybelse verantwoording te kry. In al hierdie gevalle is dit 'n jongmens wat toegerus is. Om egter hierdie jongmense toe te rus – moet die persoon wat die plek verskaf en moontlik maak toegerus wees. Ons kerke het in baie opsigte nie meer plekke van antwoorde geword nie. Ons predikante en voorgangers is net nie altyd toegerus nie.

Vervolg van bl. 7

publiek gruwelik mislei word nie. Sou terugkerende patrone van geweld, moord, doodslag, korrupsie ens. deur enige regdenkende mens as manifestasies van ware vryheid en gelykheid beskou kon word? Veel eerder sou die bekende Bybelse teksvers (Hebr 10:31) in hierdie opsig omgekeerde toepassing kon vind, deur dit só te stel: "vreeslik is dit om te val in die hande van die dodende mens".

Slotperspektief

Die werklikheid van die revolusie in Suid-Afrika sal deur ons in die oë gesien moet word, wat nie beteken dat ons op enige wyse daarmee moet vereenselwig nie. Bowendien kan die revolusie op geen manier 'hervorm' word nie, aangesien die uitgangspunte daarvan radikaal teenoor (antiteties tot) ons gereformeerde lewensbeskouing staan. Wat staan ons as Christen-Afrikaners dan te doen, wanneer ons die standpunt inneem dat ons nie maar net apaties of ontkennend daarteenoor kan staan nie? Uitgaande van ons Calvinistiese lewensbeskouing beteken dit in die eerste plek dat 'n verantwoordelikheid op elkeen rus om hom/haar van die revolusie te distansieer. Op geen manier sou die revolusie en manifestasies daarvan binne ons Christelike lewensperspektief geakkommodeer kon word (kyk ander bydraes oor die uitwerking van die revolusie), sonder dat ons onsself ernstig kompromitteer nie. Tussen hierdie twee antitetiese lewensbeskouings kan daar geen kompromie wees nie, wat ons Christelike geloof en belydenis in die wese daarvan sal aantas.

Indien daar volksgenote sou wees wat dalk sou dink dat die roeping en taak van die Christen-Afrikaner uitgedien is, sal dit 'n groot oordeelsfout wees. So 'n houding sou op eerlose, vroeë kapitulasie aan die revolusie neerkom, wat in stryd sou wees met die tipiese karaktertrekke van ons volk. Ons staan nie as 'n volk bekend wat ons aan die fataliteite van nie-christelike ideologieë uitverkoop nie. Teen die agtergrond van ons Calvinistiese lewensingesteldheid, het ons nog altyd by die Bybelse uitgangspunte as grond vir die inrigting en ordening van ons lewens en -instellings gestaan. By implikasie beteken dit dat ons die revolusie met sy verfoeilike transformasie[3] sal teenstaan vanuit ons geloofs- en belydenisgrondslag, in belang van die bevordering van Gods Koninkryk.

Bowenal is daar die verantwoordelikheid t.o.v. die positiewe bevordering van ons eie reformatoriese erfenis. Wanneer ons verklaar

Vervolg op bl. 24

Semper Reformanda

Diamantvallei, 4 November 2017

Ds Schalk Strauss

(Hierdie is die vervolg op die vorige deel van die artikel wat in die April-uitgawe verskyn het.)

Skriflesing: Sag. 7

3. Vormgodsdiens

Tot hierdie begronding spreek Sagaria 7 baie duidelik tot ons. Sagaria het as profeet opgetree nadat 'n groot gedeelte van God se volk uit ballingskap teruggekeer het. In vers 2 lees ons dat daar 'n afvaardiging uit Bet-el besoek afgelê het by die tempelpriesters in Jerusalem. Verklaarders is onseker of die afvaardiging afkomstig was van die dorpie Bet-el, 'n paar kilometer noord van Jerusalem en of hulle 'n afvaardiging was uit die Jode wat in Babilonië agtergebly het.

Waar hulle vandaan gekom het, is egter minder belangrik as die navraag wat hulle gehad het. Volgens vers 2 en 3 wou hulle weet of hulle nog in die vyfde maand moes ween en vas soos wat hulle nou al vir soveel jare gedoen het. Dié spesifieke vastyd is deur die Jode ingestel nadat die tempel en Jerusalem verwoes en die volk in ballingskap weggevoer is. Mettertyd het hierdie vastyd maar net nog 'n gebruik geword. Verder is die ballingskap ook nou iets van die verlede. Eenvormigheid in hulle godsdiens, was egter vir die Jode belangrik – of jy nou uit Bet-el gekom het of nog in Babilonië agtergebly het. Hulle stuur dus hulle afvaardiging om seker te maak hulle gebruike en rituele, hulle "vorms" kom ooreen met Jerusalem s'n.

Wanneer 'n mens egter verder aan in die hoofstuk lees, is dit duidelik dat die volk in 'n soort vormgodsdiens verval het. Dit was vir hulle baie belangrik om, wat hulle godsdienstige rituele betref, al die regte dinge te doen en seker te maak dat die manier waarop hulle hul erediens inrig, ooreenkom met Jerusalem, maar hulle alledaagse optrede het hierdie heilige rituele van hulle weerspreek.

Hierdie gevaar van 'n ongeloofwaardige optrede, is steeds 'n wesenlike gevaar vir die kerk. As ons nie versigtig is nie en as ons nie bereid is om onsself gereeld krities in die lig van die Woord te evalueer nie, kan ons baie maklik in die slaggat trap dat kerklike vergaderings maar net vir ons die geleentheid bied om ons eie afvaardiging te stuur om uit te vind of ons darem nog eenvormig is wat ons rituele betref, terwyl ons nie eens besef dat ons rituele miskien leeg en inhoudloos geword het nie.

Hoeveel keer sê mense nie: Man, ek hou van julle kerk, want julle staan nog op die beginsels van die Woord, maar die rede waarom ek nie meer in die kerk is of aan 'n kerkverband behoort nie, is omdat Christene so onder mekaar baklei. Dan help dit niks 'n mens staan kastig vir die regte beginsels, maar daardie beginsels beheers nie jou optrede nie!

Luister byvoorbeeld watter kriteria ons gebruik waaraan ons 'n kerk se behoudendheid meet: Is die liturgiese orde elke Sondag dieselfde? Staan die mans darem nog as daar gebid word? Word daar net Psalms en Gesange gesing? Het die kerk 'n orrel of het hulle 'n orkes? Dra die kerkraad darem nog swart pakke en wit dasse en preek die dominee darem nog met sy toga? Uit watter vertaling van die Bybel lees hulle? Vorm, vorm, vorm.

Selfs meer charismatiese kerke loop gevaar om in die slaggat van vormgodsdiens te trap. By hulle lyk die "vorms" net 'n bietjie anders. Daar moet 'n orkes wees, daar moet "praise and worship" wees, daar moet hande geklap en "amen" uitgeroep word – anders, glo hulle, verloor die kerk sy aantrekkingskrag en is aanbidding nie "eg" nie. Die punt is egter dat jy ook al hierdie dinge kan doen, maar wanneer jou alledaagse lewenswandel en jou optrede as kerk nie in ooreenstemming met God se Woord is nie, sal mense ook só 'n aanbiddingswyse as vormgodsdiens beleef.

God stel dit onomwonde in hierdie gedeelte dat Hy nie belangstel in heilige rituele wat nie ook bevestig word deur 'n heilige lewenswandel nie.

4. Heilige lewenswandel

In antwoord op hulle navraag, konfronteer God die volk met 'n baie belangrike vraag in vers 5: *As julle, nou sewentig jaar lank, in die vyfde en in die sewende maand gevas en getreur het, het julle toe werklik ter wille van My*

Vervolg op bl. 22

Vervolg van bl. 23

gevas? Dit is belangrik om raak te sien dat God nie noodwendig die volk se rituele kritiseer nie. Hy wys ook nie die navraag na die korrekte vorm af asof die behoud van 'n bepaalde vorm verkeerd is nie, maar Hy bevraagteken wel hulle opregtheid. Het julle dit ter wille van My gedoen? In vers 9 en 10 noem Sagaria 'n paar van die dinge wat die volk gedoen het wat hulle uiterlike rituele en godsdienstige gebruike weerspreek en hulle ongeloofwaardig gemaak het. Die volk was inkonsekwent in hulle regspraak; liefde en barmhartigheid onder mekaar het ontbreek; die kwesbares in die gemeenskap is nie versorg nie en hulle het kwaad teenoor mekaar bedink.

Wanneer na tradisioneel Afrikaanse gereformeerde kerke se statistieke gekyk word, is dit kommerwekkend dat hulle almal 'n afname in lidmaattal toon – weliswaar by party meer drasties as by ander. In sy artikel "Waar is die gereformeerde lidmate dan?" (*In die Skriflig,* Julie 2016) noem SP van Helden twee moontlike redes vir hierdie afname: Die afwesigheid van 'n sendinghart by lidmate, asook 'n gebrek aan Godskennis. Na my mening lê die probleem dieper as die kognitiewe vlak en moet ons onsself afvra of mense die kerk nie as ongeloofwaardig beleef nie? Is dit nie dalk só dat mense by ons vreeslike heilige rituele waarneem, terwyl dit nie ook deur 'n heilige lewenswandel bevestig word nie?

Tereg dwing die Here ons ook vandag om Hom in die oë te kyk en te antwoord op die vraag: Het julle dit ter wille van My gedoen? Is Tim Keller nie dalk reg oor ons dat leerstellige korrektheid ons afgod geword het nie? Ons ken dalk al die gereformeerde leerstellings op die punte van ons vingers, maar wat help dit as daardie leerstellings nie ook ons harte raak sodat ons voete in beweging kan kom nie? Is dit nie juis insiggewend dat Petrus in 2 Pet. 1:5 skryf: "En juis daarom ook moet julle met aanwending van alle ywer by julle geloof voeg die deug, en by die deug die kennis ...". Let op die volgorde – eers die deug en dan die kennis!

Op 12 Februarie 2014 skryf prof. Izak Brink 'n insiggewende artikel met die titel: "Gelukkig is ek gereformeerd". Daarin wys hy uit: "In ons eie kerkverband weeg gereformeerde voelhorings ook swaar. Dit word geëer, geleer en dien as norm om ander standpunte te kan beoordeel. Ons kan afwykinge wat oor ons pad kom met redelike gemak uitwys en beoordeel vanuit ons gereformeerde sensitiwiteite. Kortom: Ons is gloeiend oor ons gereformeerde grammatika wat getuig van 'n bepaalde geloofsoortuiging." Dan vra hy 'n indringende vraag; dieselfde vraag as wat Van Lodenstein gevra het: "Is dit egter genoeg? Dit is natuurlik 'n goeie begin om Bybelgetrou te kan antwoord en formuleer. Maar leer gaan saam met lewe. Dit is 'n ope vraag of kennis enige waarde het as dit nie geleef word nie."

As ons werklik wil uitroep: *Ecclesia reformata, semper reformanda secundum verbi Dei*, moet ons etiek voortspruit uit ons geloofsoortuigings, anders is ons skynheilig. Dit raak die lewenswandel van die kerk en sy lidmate. Ons oggend- en aandpraatjies moet ooreenkom.

Ons kan nie bekostig om 'n dualistiese bestaan te voer waarin ons voete in 'n ander rigting loop as waarin ons monde praat nie.

Ons kinders hoor ons Sondag vir Sondag preek: Liefde, sagmoedigheid, geduld, vrede, vergifnis, maar hulle sien kwaadwilligheid, afguns, onverdraagsaamheid, oneerlikheid en hoe ons uit vergaderings storm of dreig om te bedank as ons nie ons sin kry nie. Hulle hoor ons met bravade verklaar: Genade alleen, maar sien maar min van daardie genade wanneer hulle ons teleurstel. Waar is ons geloofwaardigheid as kerke daarop roem dat hulle nog ernstig is oor die tug, maar dan is ons só inkonsekwent daarmee dat ons dit net sowel kan los?

Ek noem hierdie optrede van ons gereformeerde liberalisme – met ons lippe bely ons die heilige gereformeerde leer, maar met ons lewenswandel is ons kniediep vasgevang in die dryfsand van ongebondenheid. En dan wonder ons nog waarom ons kinders die kerk verlaat wanneer hulle klaar belydenis van geloof afgelê het?

SP van Helden se gevolgtrekking dat 'n daadwerklike missionale gerigtheid by gemeentes groei stimuleer, loop hand aan hand met geloofwaardigheid. 'n Missionale gerigtheid vra egter meer as bloot 'n Skrifgefundeerde beleidsdokument oor sending en evangelisasie, maar dit verval ook nie net in 'n soort sosiale aktivisme wat lidmate of kerke help om goed te voel oor hulself nie. Die kerk behoort beide profeet en priester te wees – die Woord te laat spreek, maar ook diensbaar te wees aan hierdie Woord. 'n Missionale gerigtheid wat nie gedring word deur ons liefde vir Christus en vir 'n verloregaande wêreld nie; 'n missionale gerigtheid wat nie gegrond is op gehoorsaamheid aan die Skrif nie, maar wat deur politieke korrektheid beheers en op politieke kapitaal gerig is, is ongeloofwaardig.

Uiteindelik reken ek dit is nodig dat kerke ook grondig sal besin oor ons siening van wat dit

Vervolg op bl. 23

Vervolg van bl. 22

beteken om werklik "kerk van Jesus Christus" te wees. Is 'n erediens op 'n Sondag en so een huisbesoek 'n jaar die somtotaal van ons kerkbegrip? Is die feit dat gemeentelike aktiwiteite so dikwels ineenstort wanneer die dominee weggaan nie dalk tekenend daarvan dat ons nog nooit werklik gehoorsaam was aan óns roeping om kerk te wees nie?

'n Kerk wat *semper reformanda* verstaan as die oproep om voortdurend op die Christelike lewe te fokus en dit in lyn met God se Woord te bring, is 'n kerk wat sy eie swakhede en tekortkominge erken. Dit is 'n kerk wat rekening hou met die gevalle en onvolmaakte toestand waarin ons hier op aarde verkeer. Om daardie rede sal so 'n kerk ook nooit ophou nadink oor die beginsels en waarhede van God se Woord asof sy alle wysheid in pag het nie. Nee, 'n kerk wat uitroep *semper reformanda*, roep terselfdertyd uit *Sola Scriptura* en 'n kerk wat werklik geloofwaardig wil wees, gaan selfs verder deur te bely: *Sola et tota Scriptuara*, want selektiewe omgang met die Skrif, is in der waarheid niks anders as eiesinnige afgodery nie. In die hoofstuk: *It ain't over until the fat lady sings* van sy boek *Minority Report*, herinner Carl Trueman ons daaraan dat konfessionele Protestantisme 'n ryk geskiedenis het en nog altyd die geskiedenis ernstig opgeneem het. Dit gee nie sy ryke tradisie prys ter wille van die tydsgees nie, maar neem dit wat die kerk oor die eeue heen van die Bybel gesê het, ernstig op. Daarom durf ons onsself nie teologies en intellektueel te verarm deur te reken die Christendom het eers in 1517 aangebreek nie. Luister na Trueman: "If you hold to Reformed Orthodoxy, you can quite legitimately interact with and appropriate the best theology, West and East, from the Apostolic Fathers down to the present day, in your articulation of a truly catholic (algemene – SS) orthodoxy."

'n Kerk wat nie op hierdie wyse reformeer nie, moet God se waarskuwing in die laaste verse van Sagaria 7 baie ernstig opneem.

Ernstige waarskuwing

Hy herinner die volk wat met hulle voorvaders gebeur het omdat hulle heilige rituele nie bevestig is deur 'n geloofwaardige lewenswandel nie. Die besnydenis van die vlees was vir hulle belangriker as die besnydenis van die hart. Dit het gelei tot die vernietiging van die volk en alles wat vir hulle belangrik was. Dit is die gevolg, geagte leser. 'n Ongeloofwaardige lewenswandel het die potensiaal om kerke te vernietig en selfs kerkverbande te gronde te laat gaan. God se kerk sal nooit tot niet gaan nie, maar dit beteken nie dat sekere kerke en kerkverbande nie vernietig sal word omdat hulle nie geloofwaardig is nie.

Slot

Ons moet versigtig wees dat die kerk nie minder geloofwaardig as Jacob Zuma of die ANC-regering word nie. Dit gebeur wanneer ons *semper reformanda* vervlak tot verandering bloot ter wille van verandering of bewaring bloot ter wille van bewaring. *Semper reformanda* roep om meer. Langenhoven het dit mooi raakgevat toe hy gesê het: Die man wat ek na soek, is nie dié wat die minste foute maak nie, maar dié wat die meeste foute regmaak. Ons kan dit ook anders stel: Die kerk wat ons soek, is nie die een wat die minste foute maak nie, maar die een wat die meeste foute bely en in die krag van die Gees regmaak.

Dit is nie 'n maklike taak nie. *Semper reformanda* is slegs moontlik wanneer ons ingeplant is by die fontein van lewende water wat uit die tempel van God voortvloei. 'n Kerk wat langs hierdie stroom geplant is en daardeur gevoed word, se blare verwelk nie en sy vrugte raak nooit op nie. So 'n kerk dra God se Woord in sy hart en omdat dit in sy hart is, beheers dit sy nadenke as voorhoofsband tussen die oë; beheers dit sy arbeid as teken op sy hand en uiteindelik sorg so 'n kerk dat dit ook vasgeslaan word op die deurposte van die samelewing waarin hy staan.



Vervolg van bl. 20

dat ons afkeurend teenoor die antichristelike revolusie staan, behoort alles in werking gestel te word om ons standpunt oor die ordening van staatlike en ander lewensverbande hoorbaar en werkbaar te maak. Gereformeerde Christen-Afrikanerdom het die roeping en taak, kragtens die gesagvolle Woord en ons ontwyfelbare belydenis, om ons vir die verwerkliking van 'n Christelike bedeling (koms van die koninkryk) op al die lewensterreine te beywer. Dit geld t.o.v. die gesin, kerk, skool en universiteit en die staat en samelewing in die algemeen. Solank as wat die Christendom terugsit en sake as't ware in die hande van die revolusionêres oorlaat, moet ons ons daarvoor klaarmaak dat hulle nie sal rus nie, voordat ook hierdie instellings deur hulle omvorm sal wees. Die afbrekende gevolge daarvan word reeds grootliks onder die kerk van gereformeerde belydenis, asook die (voorheen tradisioneel Afrikaanse) universiteite waargeneem.[4]

4 Wanneer die kerk met radikale beskouinge oor Skrifgesag en -waarheid kom en radikale studente aan universiteite hulle eise met brandstigting, geweld en vernietiging op ander afdwing, is dit niks anders nie as manifestasies van die revolusie.



Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR
KERNREDAKSIE: Prof A.W.G. Raath, Prof D.F.M. Strauss.

VCHO
50
(1999)

Die Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 / 9301

Tel. (051) 525 2267 of (051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: hugo@vcho.co.za
Tuisblad: http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof A.W.G. Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Prof P.H. Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Prof J.A.E. Adendorff (Pretoria), Prof E.J. van Niekerk (Pretoria), Prof I.H. Horn (Pretoria), Prof H.G. Stoker (Potchefstroom), Dr A.L.A. Buys (Pretoria), Dr M. Diedericks (Pretoria) en Ds R. Bain (Potchefstroom).

Uitvoerende Beampte: Mnr H.J. Hayes